IEB-studiegids geskryf deur Hettie van Zyl

'n Storie wat soos die vaal stof van die Bo-Karoo
diep in jou hart kom lê . . .

# Die kinders van Spookwerwe

Lize Albertyn-du Toit



Kopiereg © 2020 deur NB-Uitgewers
Leesgids geskryf deur Hettie van Zyl
Kopiereg gepubliseerde uitgawe © deur NB-Uitgewers
Eerste uitgawe in hierdie vorm in 2020
deur Human & Rousseau,
'n druknaam van NB-Uitgewers,
'n afdeling van Media24 Boeke (Edms.) Bpk.

ISBN 978-0-7981-8107-5

Alle regte voorbehou.
Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.

# Die kinders van Spookwerwe
deur
Lize Albertyn-du Toit

IEB-studiegids geskryf deur Hettie van Zyl

Human & Rousseau
An imprint of NB Publishers

# Inhoud

**Afdeling A**

1. Biografie 1

2. Pre-lees
2.1 Inleiding tot die studie van die roman 2
2.2 Opsomming van die intrige 2
2.3 Die struktuur van die roman 3
2.4 Tyd 4
2.5 Titel 4
2.6 Tema 5
2.7 Die rol van die verteller 6
2.8 Ruimte 6
2.9 Karakterbeelding 8
2.10 Konflik 15
2.11 Kontras 19
2.12 Intrige 19
2.13 Taalgebruik 20
2.14 Simboliek 21
2.15 Boodskap 21

**Afdeling B**

Post-lees
1. Kontekstuele vrae 23
2. Opsteltipe vrae 38
3. Konsepvraestel 41
4. Memorandum en nasienriglyne 44
5. Glossarium van literêre terminologie 67
6. Woordverklarings 71
Bronnelys 74

# Afdeling A

## 1. Biografie

Lize Albertyn-du Toit is gebore op Bethal in Mpumalanga en het aan Hoërskool Hoogenhout gematrikuleer. Ná skool het sy haar BA-graad aan die Universiteit van Pretoria voltooi met Volkekunde en Sielkunde as haar hoofvakke. Daarna het sy haar honneursgraad (BEd. Psig.) in opvoedkundige sielkunde voltooi. Sy het ook ’n spesialiseringsdiploma (DSRO) in leerprobleme aan die Universiteit van Stellenbosch gedoen. Tans is sy ’n remediërende onderwyser by Riebeeck Vallei Spesiale Skool. Sy is ook ’n ywerige voëlkyker en stap graag.

Lize is getroud met ’n boer van Riebeek-Wes en het twee seuns wat aan die Universiteit van Stellenbosch studeer. Toe haar kinders klein was, het sy graag vir hulle stories gelees en self plaasstories vir hulle geskryf. Die skryfgogga het toe reeds gebyt; daarom het sy later vir ’n skryfkursus by Rachelle Greeff ingeskryf. *Die kinders van Spookwerwe* was aanvanklik ’n kortverhaal wat sy gedurende die tyd by die skryfskool geskryf het. Sy het die kortverhaal afgestof en verwerk in ’n volwaardige debuutroman.

Oor *Die kinders van Spookwerwe* sê sy: “Hoe meer ek met mense in die Karoo gesels het, hoe meer het ek gekry waarna ek soek, tuis gevoel met dit wat ek sou sê; naamlik die lewe van eenvoud en tevredenheid, stilte en tydsaamheid. Daardie wegstaan van die gejaag. Later het die storie vanself Swartland toe geswaai. Ek het gehoor hoe Hennerik planne beraam vir hulle krisis en het agter sy planne aangeskryf.”

## 2. Pre-lees

### 2.1 Inleiding tot die studie van die roman: *Die kinders van Spookwerwe*

’n Roman is ’n langer geskrewe prosastuk wat in hoofstukke verdeel word. Die roman word geskryf om gelees te word. Die verteller bied die verhaal aan deur fiktiewe karakters te gebruik en die verhaal op ’n spesifieke tyd en ruimte te laat afspeel. Die belangrikste elemente van ’n roman is intrige, karakterbeelding, milieu en konflik.

### 2.2 Opsomming van die intrige

*Die kinders van Spookwerwe* speel af in die sewentigerjare. Milano, die oudste seun van Mieta en Hennerik Kaliempie, is elf jaar oud en woon saam met sy ouers en die tweeling, Gysie en Grietjie, op die plaas Spookwerwe in die Bo-Karoo. Hulle leef ’n eenvoudige, maar gelukkige lewe. Hennerik en sy buurman, Geelsuiker, boer vir Ben Human, die plaaseienaar wat in die Kaap woonagtig is. Hulle ry daagliks die skape se suipplekke na, hou die lyndrade in stand, plant groente en lei die vrugteboord nat. Elke maand kry hulle ’n slagskaap en hulle gebruik ook die vrugte en groente van die plaasopstal.

Net na die Kersfees van 1974 word die agt maande oue tweeling deur ’n pofadder gepik en sterf hulle kort daarna. Die dood van die tweeling is vir Mieta ’n traumatiese ervaring. Dit wil aanvanklik voorkom asof sy voortgaan met haar lewe en haar alledaagse take verrig, maar wanneer sy alleen is, treur sy. Sy was die tweeling se babaklere en hou daaraan vas soos ’n kleinood.

Milano is ’n skrander leerling en lees graag. Toe Juffrou Meintjies eendag onverwags by die Kaliempies se huis opdaag en hulle meedeel dat die plaasskool sy deure finaal gaan toemaak, staar ’n tweede krisis die gesin in die gesig. Sy doen ’n beroep op Milano se ouers om toe te sien dat hy sy skoolloopbaan voltooi.

Mieta wil nie toelaat dat haar seun in die dorp loseer nie en is bereid om saam met hom in ’n sinkkamer te woon ten spyte van moeilike omstandighede. Hennerik dink nie dat dit ’n goeie opsie is nie en nader sy neef, Toontjies, in Riebeek-Wes vir ’n moontlike werk op die plaas Tweefontein. Mieta skop aanvanklik teë, maar stem later in om te trek.

Op Tweefontein gaan Milano skool by Witvlei Primêr. Toe Milano een winter longontsteking opdoen, word daar gevrees vir sy lewe, maar onder die sorg van die Tygerberg-hospitaal se personeel herstel hy volkome. Hennerik vind uit dat dit harder werk is om op die wynplaas te werk as op ’n skaapplaas.

Klaas Mentoor, ofte wel Klaas Vuis, is die Kaliempies se buurman wat hom veral teen maandeindes aan drank vergryp en sy vrou, Vytjie, en dogter, Geraldine, mishandel. Geraldine raak bevriend met Milano en hy raak heimlik verlief op haar. Sy raak later verlief op Fredwell wat vir haar in die dorp by haar losieshuis gaan kuier en ook in die geheim ontmoet as haar pa nie tuis is nie.

Mieta tree tussenbeide toe daar een nag ’n kabaal by die bure losbreek en konfronteer vir Klaas. Sy vind sy vrou en dogter papgeslaan en vasgemaak aan ’n bed en bevry hulle. Vytjie het breinskade opgedoen en Geraldine moet die skool verlaat om na haar ma om te sien. Wanneer dit later blyk dat Geraldine swanger is, wonder almal wie die pa is. Fredwell sê ten aanhore van die inwoners van Tweefontein dat Milano die pa is. Geraldine ontken dit nie en weier om oor die vader van haar ongebore baba te praat.

Na die baba se geboorte laat sy haar voor die voordeur van die Kaliempies saam met ’n brief wat die vader van die baba bekend maak.

**2.3 Die struktuur van die roman**

Die inleiding is die begin van die roman. Die leser neem kennis van die karakters en die milieu (tyd en ruimte) waarteen die verhaal afspeel. Die motoriese moment is die oomblik wanneer die lewens van die karakters op die een of ander manier gekompliseer word. In hierdie roman is dit die dood van die tweeling, Gysie en Grietjie.

Hierdie oomblik lei tot die verwikkeling. Die leser neem verder kennis van die Kaliempies se bestaan op Spookwerwe. Dan volg ’n wending: Die Kaliempies moet trek na Tweefontein om te verseker dat Milano sy skoolloopbaan voltooi. In die verwikkelingsfase is daar konflik wat die spanning verhoog.

Die verhoogde spanningslyn word al hewiger. Wanneer Milano longontsteking opdoen, word daar gevrees vir sy lewe. Milano raak verlief op Geraldine, maar sy kry ’n ander kêrel en hy voel verwerp. Die krisis in die roman ontstaan wanneer dit rugbaar word dat Geraldine swanger is en gerugte in omloop is dat Milano die vader van die ongebore baba is. Soms lei die krisis tot ’n verdere krisis, wat verdere spanning skep.

Die klimaks of hoogtepunt is die finale onvermydelike krisis. Almal is geskok toe die Mentoors se huis onverklaarbaar begin brand. Geraldine se ouers verkool in die huis, maar sy verklaar dat sy in die buitetoilet was en nie haar ouers kon red nie.

Tydens die ontknoping (afloop) word al die vrae beantwoord en geheime blootgelê. Mieta vind Geraldine se pasgebore baba by haar voordeur en ’n brief wat verklaar wie die

vader van die baba is. Die roman het ’n gelukkige einde omdat Mieta die baba as ’n geskenk sien en bereid is om die baba soos haar eie groot te maak.

### 2.4 Tyd

**Verteltyd**

Verteltyd dui op die hoeveelheid bladsye waaruit die roman bestaan. *Die kinders van Spookwerwe* se verteltyd is 338 bladsye. Tot op bladsy 200 is die ruimte waarteen die verhaal afspeel die Bo-Karoo. Die res van die verteltyd speel af in die Swartland op die plaas Tweefontein, in die omgewing van Riebeek-Wes.

**Vertelde tyd**

Die vertelde tyd van *Die kinders van Spookwerwe* is ongeveer vyf jaar en agt maande. Die verhaal begin net na die Kersfees van 1973. Milano Kaliempie is op daardie stadium elf jaar oud en sal die volgende jaar in standerd 3 (vandag graad 5) wees. Die verteltyd speel in twee ruimtes af, naamlik die plaas Spookwerwe in die Bo-Karoo (Desember 1973 tot November 1975) en in die Swartland (November 1975 tot 23 Augustus 1979). Die wel en wee van die Kaliempies, wat plaasarbeiders is vir wit boere in die apartheidsjare, word in chronologiese volgorde vertel.

### 2.5 Titel

Die titel, *Die kinders van Spookwerwe*, beklemtoon ’n spesifieke plek – die plaas Spookwerwe geleë in die Bo-Karoo. Om die titel te verstaan is dit noodsaaklik om die hele roman in oënskou te neem. Die “kinders” waarna die titel verwys, is Gysie en Grietjie, die tweeling van Mieta Kaliempie, sowel as Milano, haar oudste seun. Die tweeling was ’n skrale agt maande oud toe hulle deur ’n pofadder gepik en kort daarna oorlede is. Die tweeling word onder ’n kameeldoringboom op Spookwerwe begrawe.

Mieta pak die graffie uit met wit kwartsklippe en besoek die graf gereeld. Wanneer die gesin noodgedwonge moet verhuis, is dit vir Mieta baie moeilik om weg te gaan. Op die aand voor hulle verhuising sê Mieta: “Ja, Spookwerwe. Die naam pas jou goed. En al julle spoke, julle is vanaand my getuies wat ek hier agterlaat. Mieta is nie iemand wat haar kuikens vir die katte los nie. Ek gaan nie heeltemal hier weg nie.” (p. 196)

Op Tweefontein dink sy aan die graf van haar kinders wat sy moes agterlaat. Die twee oortjiesuile (p. 73) wat Mieta een aand op Spookwerwe by die tweeling se graf gesien

het, bring ’n magiese betowering omdat Mieta dit as ’n teenwoordigheid van Gysie en Grietjie ervaar. Jare later, helder oordag, het Mieta ’n soortgelyke ervaring wanneer sy op Tweefontein weer twee uile naby ’n akkerboom gewaar (p. 271) en weet sy staan op “heilige grond”.

Milano is Mieta se enigste “vlaktekuiken” en sy stort al haar liefde op hom na die tweeling se dood. Ter wille van Milano se opvoeding stem sy in tot die verhuising na Tweefontein, maar glo dat hulle sal terugkeer na Spookwerwe. Sy is oorbeskermd oor Milano omdat sy vrees dat sy hom ook aan die dood sal afstaan. Sy vrees vir sy lewe toe hy longontsteking opdoen.

Milano Kaliempie is ’n natuurkind. Op Spookwerwe leer hy die natuur ken met behulp van Geelsuiker. Wanneer hulle verhuis, sit hy voorwerpe wat hy op die plaas optel in sy “onthou-stroopblik” (p. 328). Met die dassievelle wat Geelsuiker vir hom gegee het, maak Mieta vir hom ’n karos. Die karos wat hy saamneem na hul nuwe woning verteenwoordig die Karoo.

’n Onaangename ervaring op sy sestiende verjaarsdag veroorsaak innerlike konflik by Milano en hy hunker terug na die Karoo. Op bladsy 328 sê hy: “Ek wil terug Spookwerwe toe, Ma. Dis glad nie lekker hier nie.”

**2.6 Tema**

Die tema is die sentrale gedagte wat die verteller by die leser wil tuisbring. Die sentrale tema van *Die kinders van Spookwerwe* is verlies. Baie van die karakters verloor iets wat vir hulle kosbaar was. Die karakters staan magteloos teen die teëspoed wat hulle tref. Mieta verloor haar tweeling toe hulle deur ’n pofadder doodgepik word. Milano verloor sy hond, Riem, wat versuip na die storm. Die Kaliempies verloor hulle rustige bestaan en die plaasdiere waarvoor hulle so lief was op Spookwerwe. Geelsuiker het sy vrou en sy kinders verloor. Geraldine verloor haar onskuld. Milano verloor die vriendskap van Geraldine.

Vrees vir die dood is ook ’n belangrike tema wat met die sentrale tema van die roman verband hou. Daar word gevrees dat Hankies weens komplikasies sal doodbloei na die bevalling. Mieta is bang dat Milano sal doodgaan as gevolg van die longontsteking wat hy opgedoen het. Geraldine vrees vir haar lewe wanneer haar pa dronk raak en hulle mishandel.

Wanneer ’n sekere item of gedagte herhaaldelik in ’n roman voorkom, word dit ’n deurlopende (herhalende) motief genoem. Hierdie motief het meestal ’n spesifieke funksie en dra by tot die ontsluiting van die verhaal.

Voorbeelde hiervan is: die koffertjie (tassie) met die babaklere, die roosmaryn, Milano se onthoublik en die karos. Elk van hierdie motiewe verwys na die verlede en kosbare herinneringe. Die tas met die babaklere herinner Mieta aan die tweeling. Deur die klere te was, hou sy in haar gedagtes die tweeling lewend.

Mieta vryf aan die roosmaryn se takkies en adem die geur in. Die roosmaryn herinner haar aan haar pa Beppe. Die onthoublik en die karos verteenwoordig die Karoo waarvan Milano so swaar afskeid geneem het. Daar is herhaaldelike verwysings na slange en uile. Hierdie verwysings skep ’n gevoel van onheil en dra by tot ’n verhoogde spanningslyn.

### 2.7 Die rol van die verteller

Die verteller in *Die kinders van Spookwerwe* is alomteenwoordig. Die alomteenwoordige verteller weet wat elke karakter sê of doen en is nie plek- of tydgebonde nie. Die verteller speel ’n belangrike rol, want dit skep die atmosfeer waarbinne die verhaal afspeel. Omdat die verhaal om die bruin mense in die Bo-Karoo en Swartland gesentreer is, is dit belangrik dat die verteller se taalgebruik daarby moet aansluit.

Die verteller fokus op die Kaliempies se gevoelens en ervarings. Die verteller weet wat Mieta dink en ervaar na haar tweeling se dood, maar beeld ook Hennerik en Milano se hartseer en gewaarwordinge uit. Die verteller slaag daarin om die milieu van die roman aan die leser oor te dra deur die Bo-Karoo en Swartland met raak beskrywings vas te vat.

### 2.8 Ruimte

<u>Die Bo-Karoo: Spookwerwe</u>

Die eerste gedeelte van die verhaal (tot bladsy 200) speel af in die Bo-Karoo in die Noord-Kaap provinsie. Die Bo-Karoo is ’n droë wêreld waar daar hoofsaaklik met skaap geboer word. Daar word nie na ’n spesifieke dorp verwys nie. Ons kan aflei dat die plaas Spookwerwe noord of noordoos van Van Wyksvlei geleë is, want dit is die eerste dorp waarvan daar melding gemaak word wanneer Milano en Hennerik in ’n suidelike rigting ry op pad na Riebeek-Wes (p. 174).

Die Kaliempies woon in ’n drievertrekhuisie en daar is ’n kookskerm buite waar Mieta brood bak en ander kos maak. In die winter kook hulle water oor die vuur en gooi dit in Coke-glasbottels wat hulle in die bed sit vir hitte. Mieta hou ’n paar hoenders aan en hulle het

ook ’n melkkoei. Op die werf is daar ’n kareeboom en ’n kameeldoringboom, waar die tweeling begrawe is.

Op die aangrensende plaas, Huurkop, woon Geelsuiker. Hennerik en Geelsuiker versorg die vrugteboord op die plaas, gebruik die vrugte en plant groente aan vir eie gebruik. Die eienaar van die plaas, Ben Human, woon in die Kaap en besoek selde die plaas. Dit is Hennerik en Geelsuiker se taak om daagliks die suipplekke na te ry en te sorg dat daar genoeg water vir die diere is. Hulle maak ook seker dat die kampe se drade in ’n goeie toestand is om te verhoed dat ongediertes soos jakkalse die skape vang.

Milano ry soms saam met sy pa in die veld en help om die dragtige skape van die res te skei. Wanneer hy alleen wil wees, klim hy op die windpomp en hou almal van bo af dop. Partykeer sit Milano in die witgatboom waar die skoenlappers se papies hang. Dit is meestal baie droog en warm in die Bo-Karoo, maar as dit baie reën, is dit moeilik om met ’n voertuig deur die drif te ry.

Daar is ’n plaasskooltjie op ’n nabygeleë plaas. Hennerik het jare vir Milano op die fiets “gelift” skool toe. Hulle het meermale saamgestap. Milano gaan saam met die Goeiemans-kinders na die skool waar juffrou Meintjies die plaaskinders onderrig. Die dorp is tagtig kilometer van Spookwerwe af en word gewoonlik net teen maandeinde besoek om kosvoorraad aan te koop.

<u>Tweefontein – Riebeek-Wes:</u>

Vanaf bladsy 201 verskuif die ruimte na die plaas Tweefontein. Dié plaas is ongeveer twintig kilometer vanaf Riebeek-Wes geleë, in die omgewing van Malmesbury in die Swartland. Die Kaliempies se woning is effens weg van die ander ses gesinne se arbeidershuise op Tweefontein. Die huis kyk uit oor ’n koppie renosterveld. Daar is ’n wye landskap van landerye, wingerde en plaasopstalle met damme en bome. ’n Riviertjie vloei in die winter wanneer die gebied reën kry en daar is ’n plaasdam. In die lente is daar pragtige veldblommetjies soos piempiempies, bobbejaantjies, viooltjies en kalkoentjies.

’n Entjie van die arbeiders se huise is ’n skuur waar Milano graag sy tyd deurbring. Hy lees daar van die boeke wat juffrou Meintjies vir hom gegee het en bou draadkarre. Dit is vir Mieta moeilik om gewoond te raak aan die brakwater van Tweefontein, tog geniet sy die natuurskoon van die omgewing en stap graag rond. Op die plaas is ’n plaaswinkel waar die arbeiders op skuld voorraad kan aankoop. Teen maandeinde gaan die inwoners van Tweefontein dorp toe. Milano gaan skool op die plaasskool, Witvlei Primêr. Dit is ’n

tweemanskool waar juffrou Bruintjies en meester Afrika vir die kinders van die omgewing skoolhou.

Die Kaliempies word op Tweefontein aan ’n ander wêreld voorgestel as die een waaraan hulle gewoond was. Hulle leer druiwe pluk en snoei, plant koring aan, eet bokkoms en drink “Perdjiewyn”. Die eienaar van die plaas, Buks van die Merwe, boer ook met vleismerino’s en Hennerik is in sy element wanneer hy met die skape kan werk. Die boer versoek Milano om met die twee wit perde, Whiskey en Porselein, te ry sodat hulle in oefening kan bly totdat sy seun terugkeer van die universiteit af.

Die arbeiders kuier graag oor en weer, veral oor Kerstyd en Oujaarsdag. Klaas Vuis, ’n ongure karakter wat alkohol misbruik en sy vrou en dogter aanrand, word gewoonlik uitgesluit van die feesvieringe.

Ander ruimtes sluit in:

- Die dorp en Feetjie se huis
- Swartland-hospitaal in Malmesbury
- Tygerberg-hospitaal in Kaapstad

## 2.9 Karakterbeelding

Die leser leer die karakters ken op grond van eksplisiete en implisiete karakterbeelding. Eksplisiete karakterbeelding word waargeneem deur dit wat die verteller aan die leser aangaande ’n karakter meedeel, asook dit wat ander karakters van ’n karakter sê. Implisiete karakterbeelding word oorgedra deur die voorkoms en handeling van die karakter. Dit word ook waargeneem deur dit wat die karakter van hom- of haarself sê of dink en die manier waarop ’n karakter konflik hanteer.

### Die Kaliempies:

### Mieta

Mieta is die hoofkarakter (protagonis), want die roman fokus op haar en haar kinders se lewe. Die meeste verteltyd word ook aan haar afgestaan. Sy is ’n ronde karakter, want aanvanklik is sy verbitterd oor haar tweeling se dood, maar ondergaan ’n karakterverandering wanneer sy haar liefde op Geraldine uitstort wat later ook haar baba vir Mieta gee.

Mieta is die “voorkind” van Ragel Geduld en die Italianer, Beppe Durante Milano. Beppe was ’n krygsgevangene in die Tweede Wêreldoorlog wat verkies het om ná die oorlog

in Suid-Afrika te woon. Hy het nie verblyfdokumente vir Suid-Afrika gehad nie en boonop het die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike (Wet No. 55 van 1949) ’n huwelik tussen die bruin Ragel en die Italianer onmoontlik gemaak, daarom is hulle nooit getroud nie. Hulle was woonagtig te Putsonderwater waar Beppe veilig gevoel het, want hy moes vir die polisie wegkruip om deportasie te verhoed. Toe Mieta ses jaar oud was, het die polisie vir Beppe gearresteer en na sy vaderland gedeporteer. Ragel en Mieta het daarna besluit om weg te trek na die duinewêreld van die Kalahari toe.

In die omgewing van Keimoes het Mieta skoolgegaan en standerd ses behaal. Sy het as jongmeisie saam met haar ma op ’n plaas rosyntjies gewerk en daar vir Hennerik Kaliempie ontmoet. Mieta het fyner gelaatstrekke soos haar pa en reguit hare. Haar oudste seun, Milano, met sy donker hare en donker vel trek ook na haar pa se familie. Die tweeling, Gysie en Grietjie, was gelerig soos Hennerik se familie. Mieta het na die tweeling se moeilike geboorte gewig aangesit en kan nie weer kinders baar nie. Sy voel verbitterd en is jaloers op Hankies wat swanger is met haar sesde kind.

Mieta is ’n sterk vrou. Die dood van die tweeling is vir haar hartverskeurend, maar sy gaan lê nie en vind ontvlugting in haar daaglikse werk. Sy is ’n “raakvatvrou” soos Hennerik haar noem. Sy is netjies, bak gereeld brood, hou van kosmaak en haar hande staan vir niks verkeerd nie.

Sy is liefdevol en beskermend, selfs oorbeskermend. Ná die dood van haar tweeling, mag Milano nêrens heen gaan as die hond, Riem, nie saam met hom gaan nie. Toe die plaasskooltjie naby Spookwerwe weens ’n gebrek aan getalle gaan toemaak, weier sy dat haar kind aan die genade van ander oorgelaat word. Sy is selfs bereid om saam met Milano by Antjie in ’n sinkkamertjie te loseer en blootgestel te word aan uiterste hitte en koue. Mieta kan ook “beneuks” raak en dan moet Hennerik “rieldans om haar te systap” (p. 161).

Sy is medemensliewend, sy gaan maak gereeld Geelsuiker, hulle getroue vriend wat alleen woon, se plek skoon en is baie streng oor sy drinkery. Sy is baie lief vir diere en gee vir elke hoender op die werf ’n naam. Sy maak hanslammers groot en ontwikkel ’n spesiale band met Kleinkind, een van die hanslammers. Op Tweefontein ontferm sy haar oor Geraldine, wat gereeld onder haar pa se vuiste moet deurloop wanneer hy dronk is. Sy is ’n moederfiguur vir Geraldine en leer vir haar die basiese dinge van vrouword en huishou.

Mieta duld geen onreg nie, sy wys vir Klaas Vuis tereg op sy drankmisbruik en mishandeling van sy vrou en dogter. Sy raak selfs handgemeen met Klaas en stamp sy wind uit met ’n besemstok om vir Vytjie en Geraldine van hom te bevry. Sy skroom nie om vir Lettie aan te vat oor haar geskinder nie.

Mieta is baie sentimenteel oor die tweeling se kleertjies. Sy was dit gereeld en hou soos 'n kleinood daaraan vas. Dit is eers wanneer Geraldine op haar laaste is wat sy bereid is om daarvan afstand te doen, maar op 'n vreemde weg kom dit terug na haar toe wanneer sy Geraldine se baba op haar voorstoep kry en weer 'n ma vir 'n baba kan wees. "Dit voel soos my eie, Hennerik" is die slotsin van die roman en dit som Mieta se karakter op, 'n omgee-mens, liefdevol, sorgsaam – 'n moeder en vrou van kaliber.

**Hennerik**

Hennerik is 'n gebore Karoo-mens. Hy hou van skaapboerdery en het vroeër in die omgewing van Brandvlei in 'n skeerspan gewerk. Vir 'n kort rukkie het hy ook rosyntjies gewerk in Keimoes se wêreld, maar sy verlange na die Karoo se skape het hom teruggewaai na Spookwerwe. Saam met Geelsuiker versorg hy die plase en diere van Ben Human asof dit sy eie is. Hy is hardwerkend. Hy ry al die lyndrade na vir tekens van ongediertes, sorg dat daar altyd genoeg water en kos is vir die diere en vang die skaap uit wanneer die ooie dragtig is. Hy is 'n natuurkenner en weet aan die werksaamheid van die termiete dat daar wind of reën op pad is.

Hy is 'n liefdevolle pa en neem gereeld vir Milano saam veld toe. Hy probeer vir Milano hartseer spaar deur vir Riem, wat deur die vloedwater meegesleur word, stilletjies te begrawe. Hy is die een wat die lykies van die tweeling dorp toe neem om doodsertifikate te laat uitreik.

Hy is 'n stil mens en hou nie van 'n bakleiery nie, daarom bly hy uit Mieta se pad as sy kwaad is. Hy is nie baie spraaksaam nie en glo "'n toe bek is 'n heel bek". Hy sê vir Geelsuiker: ". . . die tortel drink nog troebel water" en wag geduldig tot ". . . haar vere weer sak" (p. 169) voordat hy vir Mieta inlig oor die moontlike verhuising na die Swartland.

Alhoewel Hennerik 'n "skaapman" is, is hy aanpasbaar. Hy is bereid om aanpassings te maak ter wille van sy familie. Op Tweefontein leer hy om in die wingerd te werk en koring te plant en het lyfseer van die ander soort werk as waaraan hy gewoond was, maar hy byt vas. Dit toon sy deursettingsvermoë. Gelukkig is daar ook 'n skaapboerdery op Tweefontein waar hy sy liefde vir skape kan uitleef. Hennerik is sorgsaam. Toe Mieta terugkeer van haar besoek aan Feetjie op die dorp om seker te maak dat Milano in goeie hande is, is dit hy wat die blase op haar voete versorg en selfs haar voete soen uit dankbaarheid dat sy so goeie ma is.

**Milano**

Milano word in die roman beskryf as sy ma se enigste "vlaktekuiken". Hy is lief vir die natuur en ry graag saam met sy pa te perd in die veld. Geelsuiker leer hom die dinge van die veld. Hy gaan op ’n uitstappie saam met hom waar hy leer van jakkalsjag.

Hy hou daarvan om alleen te wees. Sy wegkruipplek op Spookwerwe is bo-op die windpomp waar hy belangrik voel en al die dinge van bo af kan sien. Hy hou sy ma en pa dop vanuit sy wegkruipplek en sien hoe hulle treur oor die tweeling se dood. Hy is nuuskierig en luister op ’n afstand wanneer sy ma en pa in ’n woordewisseling betrokke is.

Hy is ’n skrander leerling by die plaasskool, daarom het juffrou Meintjies sy ouers besoek en hulle gesmeek om toe te sien dat hy verder leer wanneer die plaasskool sluit. Hy is versot op lees en geniet die leeshoekie van die plaasskool. Toe die plaasskool sluit, het die juffrou vir hom ’n klomp leesboeke gegee wat hy saamneem na Tweefontein. Omdat hy daarvan hou om alleen te wees, vind hy gou ’n nuwe skuilplek by die ou stoor waar hy sy boeke sonder steurnis kan lees en draadkarre bou.

Op Tweefontein ontmoet hy vir Geraldine en ’n spontane vriendskap ontstaan. Hy is mededeelsaam en laat toe dat sy van die boeke lees, en hulle maak saam die wilde katjie in die skuur mak. Dit is juis sy liefde vir lees wat veroorsaak dat sy verkoue in longontsteking omsit wanneer hy in die bittere koue uitglip skuur toe om ’n boek te gaan haal. Hy word vir ’n week lank gehospitaliseer in Tygerberg-hospitaal in die Kaap en is daarna vir drie weke onder huisarres om te herstel.

Hy raak verlief op Geraldine, sonder dat sy uitvind van sy gevoelens. Toe sy ’n kêrel kry, is hy baie teleurgesteld en heel oorstuur. Saam met sy nuwe vriende, Lippe, Gertjie, Ballie en Madalkat, vang hy kattekwaad aan. Hulle swem sonder klere in die verbode plaasdam en steel vrugte by die boer. Saam loer hulle ook vir Geraldine en haar kêrel, Fredwell, af en tree tussenbeide toe dit lyk asof hy vir Geraldine wil te lyf gaan.

Fredwell maak die lewe vir Milano hel wanneer hy op Milano se sestiende verjaarsdag, ten aanhore van die hele gemeenskap, die leuen vertel dat Milano die vader is van Geraldine se ongebore baba. Milano is teleurgesteld omdat Geraldine nie die waarheid praat nie en gaan skuil in die skuur. Hy het lankal sinnigheid in haar verloor, al was hulle groot maats. Hy dra teen sy sin vir haar familie kos aan wat sy ma vir hulle voorberei. Hy en sy vriende beplan om wraak te neem op Fredwell as gevolg van die leuen wat hy versprei het. Hy laat vaar gelukkig sy vergeldingsplan wanneer Mieta sê: "Onthou net Milano, ons naam woon nou hier. Jy doen nie verkeerde dinge nie." Dit toon dat hy sy ouers respekteer en gehoorsaam is.

**Gysie en Grietjie**

Gysie en Grietjie is die tweeling wat op die jong ouderdom van agt maande sterf. Hulle het op ’n kombers onder die kareeboom gesit en speel terwyl Mieta wasgoed ophang. Sy het besluit om naaldwerk te doen en was in huis toe om haar naaldwerkgoed te gaan haal toe sy hoor hoe die kinders begin skree. ’n Pofadder het albei babas gepik en hulle is kort na mekaar dood. Mieta was magteloos en kon hulle nie red nie. Sy het haarself blameer omdat sy nie die hond losgemaak het nie, want hy sou dalk die pofadder gewaar het en die tweeling se lewe kon red.

Mieta het hulle lykies soos papies toegedraai omdat hulle gesigte erg geswel was en sy hulle nie so wou sien nie. Hulle is in een kissie in die koelte van die kameeldoringboom te ruste gelê. Mieta het hulle graf met wit kwartsklippe uitgepak. Sy het die graffie gereeld besoek, soms laat in die nag, toe sy op Spookwerwe gewoon het. Toe hulle verhuis, het sy vir Geelsuiker aangesê om die graf in stand te hou en belowe dat sy na hulle sal terugkeer.

**Ander inwoners van die Bo-Karoo**

Geelsuiker woon op die plaas Huurkop langs Spookwerwe. Die eienaar van die plaas se ouers het die plaas aan die bure verhuur en by die see gaan aftree terwyl hulle seun, Ben Human, besig was met sy studies. In daardie tyd was Geelsuiker ’n jakkalsjagter en het rondgeswerf. Hy het soms skaap geskeer vir ’n inkomste. Hy was getroud met Lena en het self sy kinders by geboorte in die lewe gehelp (gevang). Met die geboorte van sy laaste seun was hy baie dronk en het nie die naelstring behoorlik geknoop nie. Dit het gelei tot die dood van ma en seun. Weens sy agterlosigheid en dronkenskap het die welsyn sy ander kinders van hom af weggeneem (p. 108).

Geelsuiker se pa was van San afkoms en hy verwys na homself as ’n halwe Boesman. Geelsuiker se pa het hom baie van die veld geleer. Hy ken die veld en die natuur soos die palm van sy hand. Hy weet wanneer dit gaan reën en hoe om ongediertes soos jakkalse te vang. In hoofstuk tien leer hy vir Milano hoe om strikke te stel en om jakkalse te jag. Hy is baie lief vir Milano en gee vir hom ’n windhond, Ribbes, as geskenk nadat sy vorige hond dood is. Geelsuiker is ’n “karriekoning”. Hy gaan haal self die heuning uit die nes en maak dan karrie, ’n alkoholiese drankie wat van heuning gebrou word. Geelsuiker is ’n voorste danser van die riel, ’n tradisionele San-dans.

Toe die Kaliempies verhuis, is hulle los goedere en diere wat hulle nie kon saamvat nie by hom gestoor. Hy belowe om die tweeling se graf te versorg en sê dat hy nie vir Kleinkind, Mieta se gunsteling-hanslam, sal slag nie. Tydens die “Groot Dae” van 1978 gaan

kuier hy vir die Kaliempies op Tweefontein. Hy bring vir hulle ’n slagskaap, heuning en karrie saam en vermaak die Tweefonteiners met die rieldans.

Juffrou Meintjies is Milano se onderwyseres op die plaasskool. Sy sien groot potensiaal in Milano en doen ’n beroep op sy ouers dat hulle moet toesien dat hy verder leer. Sy skenk ’n klomp boeke aan Milano toe die skool finaal sy deure toemaak en sy beoog om na Upington te verhuis.

Hankies en Maans Goeieman woon op die buurplaas. Hulle het ses kinders: Niklaas (Milano se skoolvriend), Rensie, Boetie en twee kleintjies en ’n babadogtertjie. Mieta was die vroedvrou met die geboorte van die laaste dogtertjie. Weens komplikasies tydens die geboorte moes Hankies na die hospitaal geneem word. Mieta is teleurgesteld in die onnet toestand van die Goeiemans se woning en ruk dinge reg terwyl Hankies en die baba in die hospitaal is.

Blou Willem en Tries is in die dorp woonagtig. Blou Willem is ’n jakkalsjagter wat sy vrou en kinders by die huis los as hy op ’n jagtog is. Mieta dink hy is gierig omdat hy, na haar mening, vir Geelsuiker te veel laat betaal het vir die windhonde wat hy by hom gekoop het.

Ben Human is die eienaar van Spookwerwe en Huurkop. Hy woon in die Kaap en hy en sy gesin kom kuier soms op die plaas. Hy het volle vertroue in sy arbeiders en hulle kommunikeer telefonies opdragte vir die plaas. Hy is ruimhartig en hy gee elke maand vir sy arbeiders ’n slagskaap. Hulle mag ook die vrugte van die boord gebruik en ’n groentetuin vir eie gebruik aanlê op voorwaarde dat hulle dit gereeld natlei. Hy bederf vir Milano met ’n hele kardoes vol lekkers wanneer hy plaas toe kom.

**Dierekarakters**:

- Blits: Geelsuiker se jaghond
- Riem: Die Kaliempies se eerste hond, wat in vloedwater versuip.
- Ribbes: Die jaaghond wat Geelsuiker vir Milano persent gee. Die hond het windhondbloed en jaag die jakkals in met spoed.
- Robyn en Agaat: Die perde op Spookwerwe
- Stompstert: Die Kaliempies se huiskat
- Kleinkind: Mieta se gunsteling-hanslam, ’n mooi ram
- Streepmuis: Die Kaliempies se melkkoei
- Mieta het ook ’n klomp hoenders, elkeen van hulle het ’n naam.

**Die karretjiemense**

Die karretjiesmense is bruin mense, waarskynlik afstammelinge van die San, wat nie ’n vaste woonplek het nie. Hulle swerf in familiegroepe met hul donkiekarretjies in die Karoo rond op soek na tydelike werk. Hulle is bedrewe skaapskeerders en draadspanners. Tydens hul tydelike verblyf sal hulle ’n skuiling saamflans, en wanneer die werk afgehandel is, swerf hulle weer verder. Hulle kinders gaan nie skool nie en is meestal ongeletterd. Hulle is mal oor musiek en dans. Op hulle tuisgemaakte instrumente maak hulle musiek en dans die riel.

Op Oujaarsdag (1975) daag Jas Maklak en sy gesin op Spookwerwe op. Sy vrou, Meitjie, sy skoonmoeder, ouma Riet, sy broer, Kootjie, en sy kinders, Fransie, Tommie, Elsie en Rietie, is deel van die trekgeselskap. Hulle vier saam met die Kaliempies fees en vertrek eers middel Januarie die volgende jaar. Jas wys die kinders hoe om slange te vang, Kootjie leer vir Milano draadkarretjies maak en die kinders speel lekker saam. Milano is verbaas dat sy nuwe vriend, Fransie, nie skoolgaan nie en skaars sy naam kan skryf. Hy lees vir die Maklak-kinders stories voor uit *Diereland*.

**Die mense van Tweefontein:**

Tweefontein, ’n plaas sowat twintig kilometer vanaf Riebeek-Wes in die Swartland, huisves sewe arbeidergesinne. Toontjies is Hennerik se neef en het die werk vir hom gereël. Hy is getroud met Lettie, ’n regte skinderbek. Sy is mollig en maak hul dogter Katriena se kind, Mooiding, groot. Hulle het ouer kinders wat nie saam met hulle woon nie en ’n laatlam, Tokkies, wat nog op skool is.

Jakob en Siena Geduld is goeie vriende van Toontjies en Lettie. Siena en Lettie hou daarvan om te skinder terwyl hulle wasgoed was. Ant Meraai, wat ’n hart van goud het, woon saam met Koos Twaksak. Hulle is bejaard en woon al jare op Tweefontein. Ant Meraai en Mieta word goeie vriende. Sy lig vir Mieta in oor die Mentoor-gesin en vra haar om ’n ogie te hou oor Geraldine. Klaas Mentoor, beter bekend as Klaas Vuis, is baie ongewild vanweë die feit dat hy sy vrou, Vytjie, en sy dogter, Geraldine, aanrand wanneer hy dronk is.

Geraldine is ’n jaar ouer as Milano. Sy hou aanvanklik haar afstand, maar later kuier sy gereeld by die Kaliempies en eet op Mieta se uitnodiging saam met hulle. Geraldine is bang vir haar pa omdat hy haar aanrand as hy dronk is. Wanneer hy begin alkohol drink, kruip Geraldine weg en gaan eers huis toe as hy gaan slaap. Boonop is Klaas jaloers op sy vrou en dogter, daarom moet sy alles skelm doen.

Sy kuier vir Milano in die skuur en lees daar van sy storieboeke. Hulle is groot maats, maar die vriendskap ly skipbreuk toe sy ’n verhouding met Fredwell aanknoop.

Fredwell is ’n verdagte karakter wat al tronkstraf uitgedien het vir daggahandel. Hy besoek Geraldine in die geheim waar sy in die week by Feetjie loseer toe sy hoërskool toe gaan. Selfs op Tweefontein sorg hy dat hy net gaan kuier as haar pa werk.

Nadat Geraldine en Fredwell uitmekaar is en haar pa vir haar en haar ma ernstig aanrand, verander Geraldine. Sy raak teruggetrokke en hou almal op ’n afstand. Sy los die skool en versorg haar ma wat weens die aanranding breinskade opgedoen het. Toe Fredwell sê dat sy swanger is met Milano se kind, weier Geraldine om te sê wie die regte pa is. Sy skenk die lewe aan ’n dogtertjie en los die baba by Mieta se voordeur. In ’n brief erken sy dat dit haar pa se kind is.

Die ander arbeiders op die plaas: Hans en Tillie, en Appels en Leentjies met hulle kinders.

Al die mans is voltyds op die plaas werksaam. Hulle help in die wingerde, plant koring en versorg die skape op Tweefontein. Gedurende parstyd word die vroue ook ingespan en tydens spesiale geleenthede soos die oes-afbraai help van hulle ook kosmaak in die groot huis van Buks van der Merwe.

Alhoewel Buks die plaaseienaar is, woel en werskaf hy saam met die plaasarbeiders. Hy geniet die gekorswel van die twee parsspanne wat met mekaar kompeteer in parstyd. Hy is hulpvaardig en gaan uit sy pad uit om Milano by die Swartland-hospitaal te kry toe hy longontsteking kry. Hy gaan haal hom in die Kaap by Tygerberg-hospitaal toe hy ontslaan word.

**2.10 Konflik**

Konflik is ’n integrale deel van die intrige. Wanneer konflik ter sprake is, moet die leser vasstel wat die oorsake en gevolge van die konflik is en of die konfliksituasie opgelos word al dan nie. Hoe ’n karakter ’n konfliksituasie hanteer, is karakteropenbarend.

**<u>Innerlike konflik</u>**

Innerlike konflik ontstaan wanneer karakters wroeg oor ’n sekere saak. Die karakters ervaar konflik in hulle gemoed oor ’n emosionele, morele of geestelike kwessie. Soms gebeur dit dat hierdie tipe konflik nie opgelos word nie. Innerlike konflik gee soms aanleiding tot uiterlike konflik en andersom.

**Mieta**

In die roman ervaar Mieta innerlike konflik omdat sy nie die tweeling se dood kon verhoed nie. Sy voel skuldig omdat sy hulle alleen gelos het en omdat sy nie die hond losgemaak het nie. Sy kan nie die verlies verwerk nie. Sy is verbitterd omdat Hankies haar sesde kind baar, terwyl sy twee kinders aan die dood moes afstaan en nie weer kinders kan kry nie. Hierdie innerlike konflik veroorsaak dat sy nie kan slaap nie en soms in die nag ronddwaal en die tweeling se graf besoek. Sy pak mooi klippe op die graf om dit te verfraai.

Die gevolge van hierdie konflik is dat Mieta oorbeskermend teenoor Milano raak. Sy is woedend oor Hennerik se voorstel om na Tweefontein te verhuis. Toe Mieta Spookwerwe moet agterlaat, voel dit vir haar of ’n deel van haar daar agterbly. Twee uile, wat sy by die kameeldoring op Spookwerwe sien, en twee ander uile, wat sy by die akkerboom op Tweefontein sien, is vir haar verteenwoordigend van Gysie en Grietjie. Geraldine se baba wat sy in Mieta se sorg laat, vergoed in ’n mate vir die verlies, maar om kinders aan die dood af te staan is die ergste emosionele pyn denkbaar.

**Geelsuiker**

Geelsuiker kan homself nie vergewe dat hy aandadig was aan die dood van sy vrou en kind nie. Boonop is sy ander kinders deur die welsyn weggeneem. Hy praat nie met ander mense oor sy hartseer nie en is meestal in homself gekeer. Wanneer hy so stil raak sê hy dat hy “klaar met die honde gepraat het”. Geelsuiker se verlies het veroorsaak dat hy hom aan drank vergryp en ’n alleenloper (buitestander) geword het. Toe hy moes hulp verleen met Hankies se bevalling en haar weens komplikasies hospitaal toe neem, voel dit vir hom asof hy weer Lena se dood herleef en dan gryp hy weer na die bottel. Geelsuiker is nooit weer getroud nie, hy bly alleen omdat hy homself nie kan vergewe vir dit wat met Lena en die kinders gebeur het nie.

**Geraldine**

Daar is baie oorsake vir die innerlike konflik wat Geraldine ervaar. Haar pa, Klaas Vuis, is die hoofoorsaak van haar probleme. Sy moet wegkruip wanneer hy aan die drink gaan uit vrees vir mishandeling. Hy beskou haar en haar ma as besittings en wil altyd weet waar sy is. Die gevolge daarvan is dat sy in die geheim vir Milano in die skuur gaan kuier en ook ’n verhouding met Fredwell aanknoop sonder dat haar pa daarvan weet. Wanneer hy daarvan uitvind is die gort gaar en word sy ernstig deur hom aangerand.

Haar grootste wroeging is die vaderskap van haar ongebore kind. Sy weier om vir enige iemand te vertel wie die pa is. Sy raak in haarself gekeer en verval in depressie. Wanneer Fredwell ’n ongegronde leuen vertel oor haar en Milano hardloop sy weg sonder om dit te ontken. Sodoende verloor sy haar getroue vriend, Milano, se respek. Hierdie konflik word op ’n wrede wyse ontlont toe Geraldine hulle huis aan die brand steek en haar besope ouers se dood veroorsaak. Geraldine se innerlike konflik word nie opgelos nie, want haar pa is die vader van haar kind. Sy gee haar kind vir Mieta en verdwyn.

**Uiterlike konflik**

’n Woordewisseling, fisieke geweld of selfs ’n deurborende kyk verteenwoordig uiterlike konflik. Vyandigheid tussen karakters verhoog die spanning in die roman.

Mieta is ’n persoon wat nie huiwer om ander persone aan te vat en haar sê te sê nie. Sy berispe vir Geelsuiker oor sy dronkenskap en onnetheid. Wanneer juffrou Meintjies aankondig dat die plaasskool gaan toemaak en Milano die volgende jaar in die dorp sal moet skoolgaan, het Mieta en Hennerik ’n hewige woordewisseling. Sy weier om haar kind in iemand anders se sorg op die dorp te laat loseer. Sonder Hennerik se medewete besoek sy vir Antjie en is vas van plan om saam met Milano in ’n sinkkamer te bly.

Hennerik is glad nie daarvoor te vinde nie en besluit dat verhuising na sy neef in die Swartland ’n beter opsie is. Hierdie nuus is vir Mieta ontstellend en veroorsaak ’n gespanne atmosfeer. Milano se opgewondenheid oor Tweefontein is vet op die vuur, want Mieta wil nie weggaan van Spookwerwe nie. Die verwysing op bladsy 189, “Mieta broei addereiers uit”, beklemtoon haar woede. Toe die treklorrie opdaag, het Mieta nie ’n ander keuse as om in te gee nie, maar sy neem swaar afskeid van Spookwerwe.

Die verhuising na Tweefontein bring verdere konflik. Klaas Vuis se mishandeling van sy vrou en dogter steek vir Mieta dwars in die krop. Sy ontferm haar oor Geraldine en nooi haar gereeld vir ete. Parstyd help al die vroue in die boorde. Mieta geniet die getergery van die opponerende parsspanne, maar sy kan Klaas se suggestiewe opmerkings (p. 230 en 291) nie verdra nie. Elke maandeinde is Klaas dronk en dan vloek en skel hy. Hy kom soek eendag vir Geraldine by Mieta se huis (p. 266-267) en ’n woordewisseling ontstaan.

Die konflik bereik ’n klimaks toe Klaas weer een maandeinde sy vrou en dogter te lyf gaan. Mieta hoor die bakleiery van die bure in die nagtelike ure (p. 307-310) en tree tussenbeide. Sy storm, gewapen met ’n besem, na die Mentoors se huis om die vroue te help. Toe Klaas haar rondstamp, is sy briesend en stamp sy wind uit met die agterkant van die besemstok. Sy vind vir Geraldine en Vytjie albei papgeslaan en vasgemaak aan ’n bed. Die

gevolge van die huismoles is traumaties: Vytjie het breinskade en benodig voltydse versorging deur Geraldine, wat vir hierdie taak skool moes los.

Hierna is Klaas versigtig vir Mieta. Hy kies die hasepad toe hy "dronkvriendelik" waag om tydens die joligheid van Oujaar by die res van die arbeiders aan te sluit en Mieta hom verjaag. Mieta dreig op bladsy 331 vir Klaas: "Sit jy jou voet verkeerd, sal ek jou in hierdie grond trap en jou kop vermorsel. Ek sal die lewe vir jou donker maak."

Mieta hou nie van Lettie nie. Sy beskou haar as bemoeisiek en beterweterig. Sy probeer haar vermy weens haar geskinder, maar is tog dankbaar omdat sy na Hennerik omgesien het toe sy saam met Milano by die hospitaal was. Toe Mieta uitvind dat Lettie die grootste kwaadstoker is wat Milano beswadder, vat sy haar vas (p. 333-334) en wys haar tereg.

Ander voorbeelde van konflik is tussen Fredwell en Geraldine, en Fredwell en Milano en sy vriende.

**<u>Konflik tussen die mens en die natuur</u>**

Konflik tussen die mens en die natuur ontstaan wanneer die mens die dier (of reptiel) bedreig. Voorbeelde hiervan is: die pofadder wat vir die tweeling gepik het, die slang wat Jas Maklak gevang het, en die jakkalse en dassies wat in Geelslang se slagysters gevang word.

**<u>Konflik tussen die mens en sy omgewing</u>**

In hierdie roman is daar ook konflik tussen die mens en sy omgewing. Wanneer Geraldine van haar eie huis moet vlug om te verhoed dat haar dronk pa haar aanrand, is sy in konflik met die omgewing. Klaas se drankmisbruik, mishandeling en bloedskande gee direk daartoe aanleiding dat Geraldine die reg in eie hande neem en haar ouers vermoor deur hulle eers dronk te maak en toe in die huis te laat verkool. Sy beweer dat sy in die buitetoilet was. Hennerik het gesien dat die huis van buite gesluit was. Hy het die slot in sy sak gedruk en vir niemand daarvan vertel nie. Die gemeenskap glo dat Klaas en sy vrou in hulle dronkenskap moontlik onverantwoordelik met die vlambare produkte in die huis was.

### 2.11 Kontras

Kontras is wanneer twee uiterstes teenoor mekaar gestel word. Daar is ’n groot kontras tussen die lewe van die Kaliempies op Spookwerwe en hul lewe op Tweefontein:

| Spookwerwe | Tweefontein |
|---|---|
| Die Bo-Karoo is ’n droë area met somerreën. | Die Swartland kry in die winter reën, en daar is pragtige veldblomme, landerye en wingerde. |
| Die Kaliempies woon alleen en afgesonderd, vêr van die dorp af. | Hulle woon tussen ander gesinne. Daar is ’n plaaswinkel en ’n skooltjie op die plaas. |
| Eet melkkos, skaapvleis en drink heuningkarrie. | Eet bokkoms en drink Perdjiewyn. |
| Boer met skape. | Hoofsaaklik wynboerdery asook koring. |
| Drink die soetwater van die windpomp. | Drink brakwater. |
| Milano sit op die windpomp en bekyk alles van bo. | Milano kruip in die skuur weg waar hy sy boeke lees en draadkarre bou. |
| Mieta is ’n huisvrou. | Mieta werk parstyd in die wingerd. |
| Die Kaliempies het hulle eie kleinboerdery, ’n melkkoei en groente. | Hulle kan nie al hulle diere saamneem nie en selfs die hond moet agterbly. |
| Hulle kon die groente en vrugte van die plaas gebruik. | Die kinders steel vrugte in die boord. |
| Milano swem in ’n plaasdam. | Die arbeiders se kinders mag nie in die plaasdam swem nie. |
| Milano en Hennerik het perde gehad waarop hulle in die veld kon ry. | Milano mag slegs vir ’n beperkte tyd op die boer se perde ry. |
| Hennerik doen ligte arbeid deur groente nat te lei en die skape te versorg. | Hennerik kry lyfseer en laerugpyn van die harde werk tydens parstyd. |

### 2.12 Intrige

Die plan waarvolgens die verhaal ontwikkel, word die intrige genoem. Dit staan ook bekend as die raamwerk van gebeure of die plot. Oorsaak en gevolg vervul ’n belangrike rol in die intrige van hierdie roman. Die oorsaak van die Kaliempies se verhuising van Spookwerwe na Tweefontein is die plaasskool se sluiting. Die beplande verhuising veroorsaak spanning in die huishouding omdat Mieta onwillig is om die plaas te verlaat. Die direkte gevolg is dat die

Kaliempies alles moet agterlaat wat vir hulle lief en dierbaar is sodat Milano sy skoolopleiding kan voltooi.

Die Kaliempies word op Tweefontein gekonfronteer met ander tipe mense en ’n omgewing wat hulle nie ken nie. Die roman se intrige is nie deursigtig nie, want die leser kan nie die gevolge van die gebeurtenisse voorspel nie. Die konflik wat die Kaliempies ervaar met Klaas Vuis, Lettie en Geraldine veroorsaak hernude spanning wat verseker dat die verhaal enduit gelees word.

### 2.13 Taalgebruik

Die taalgebruik in *Die kinders van Spookwerwe* is kenmerkend van die taal wat die bruin mense in Suid-Afrika praat. Die aanspreekvorme verskil op grond van die ouderdom van ’n persoon. Daar word byvoorbeeld na ’n jong seun as ’n “klong” of “klonkie” verwys terwyl ’n ouer persoon ’n “volbek” is. Op bladsy 11 sê Hennerik: “Jy kan miskien die klonkie flous, maar nie hierdie volbek nie.” Wanneer hy na ouma Riet van die karretjiesmense verwys, sê hy op bladsy 175: “Ja, sy is volbek en maak oubok.” Dit beteken dat sy al diep bejaard is. Daar word na ’n jong meisie of dogtertjie as ’n “klimmeidjie” (p. 101 en 225) verwys. Let ook op die byvoeging van “-goed” op bladsy 172: “Toontjies en Lettiegoed.”

Klankverskynsels wat in die spreektaal voorkom is byvoorbeeld:

- assimilasie: “innie” (p. 38) i.p.v. “in die”, “dissie (p. 111) i.p.v. “dis die”
- die verboë vorm van woorde: “onse” (p. 111) i.p.v. “ons”, “sôre” (p. 53) i.p.v. “sorg”
- toevoeging van konsonante: “reent” (p. 33) i.p.v. “reën”
- verswakking van vokale “slat” (p. 41) i.p.v. “slaan”.
- Eiesoortige woorde word ook gebruik soos “linge” (p. 18) i.p.v. “tweeling” of “deeste dae” (p. 48) i.p.v. “deesdae”, om maar enkele voorbeelde te noem.

Die spreektaal van die bruin mense in Suid-Afrika is beeldryk en vol pittige sêgoed:

- “Hy was ’n voorstebos jaghond gewees.” (p. 54) – Hy was ’n goeie jaaghond. (p. 80)
- “Die tortel drink nog troebel water.” (p. 169) – Metafories gesê van Hennerik wat nog deurloop onder Mieta se woede.

- ". . . dan sit die kat nog op die stoof daar in my huis" (p. 229) – Spottenderwys gesê dat daar nog nie kos gemaak is nie. In sommige gevalle word dit gebruik om te verduidelik dat dit naby aan maandeinde is en dat daar nie geld oor is vir elektrisiteit nie, daarom kan daar nie kos gemaak word nie.

Mieta se skryftaal (die kruidenierswarelys op bladsy 33) is ’n vermenging van Afrikaans en Engels, en sy skryf woorde soos dit in die spreektaal uitgespreek word. Mieta gebruik ook kragwoorde om haar misnoeë oor ’n saak uit te druk as sy kwaad is.

Sommige karakters soos Klaas Vuis en Fredwell gebruik kru woorde wanneer hulle praat. Hierdie onvanpaste taalgebruik is effektief omdat dit aansluit by die verteller se uitbeelding van hul karakter. Die taal wat deur die verteller gebruik word, is effektief, want dit sluit aan by die milieu en leefwêreld van die karakters.

**2.14 Simboliek**

’n Konkrete verskynsel word ’n simbool wanneer daar ’n dieper betekenis daaraan geheg word. In hierdie roman het die getal twee ’n dieper betekenis. Op Spookwerwe het Mieta een aand twee uile by die kameeldoring gesien en sien dit as ’n teenwoordigheid van die tweeling wat sy aan die dood moes afstaan. Hulle verhuis na Tweefontein en sy sien daar by ’n akkerboom ook twee uile. Dit voel vir haar asof sy op heilige grond staan. Die tassie met die twee stelle klere van die tweeling is simbolies van Mieta wat nie die dood van haar kinders kan verwerk nie.

’n Vlaktevoël is ’n voël soos ’n dikkop, korhaan en ’n veldpou. Hierdie vaal voëls se neste is goed gekamoefleer. Hulle is gehard en aangepas om in droë, oop, warm omgewings te oorleef. Die wyfie sal haar lewe in gevaar stel om roofdiere van haar kuikens af weg te hou. Simbolies is Mieta soos ’n vlaktevoël en Milano is haar vlaktekuiken wat sy met haar lewe sal beskerm.

Milano se karos wat van dassievel gemaak is, is simbolies van die Karoo. So is sy onthoublik – die stroopblik met verskeie voorwerpe wat hy op Spookwerwe opgetel het – simbolies van die verlede en dit wat hy moes agterlaat, veral sy liefde vir die natuur.

**2.15 Boodskap**

Die boodskap is ’n lewensles of morele gedagte wat die verteller aan die leser wil oordra. In hierdie roman leer die leser die karakters ken en kom tot die besef dat die noodlot ’n mens

soms op vreemde paaie stuur. Die leser kom tot die slotsom dat struikelblokke deel is van die lewe en dat ’n mens soms veranderinge moet maak om die beste van die saak te maak.

## Afdeling B

**1. Kontekstuele vrae**

**Hoofstuk 1** (p. 9-26)

1. Wat is die funksie van die aanhaling voor in die boek? (1) [3]
2. In watter ruimte speel die eerste gedeelte van die roman af? Watter gevaar hou jakkalse vir die boerdery op Spookwerwe in? (1) [2]
3. Sê in jou eie woorde wat die betekenis is van die onderstreepte woord in die aanhaling: "Soms fluisterdraf 'n wildsbok verby die huis." (1) [3]
4. Waarom dink jy het Riem (p. 14) gespook om los te kom? (1) [4]
5. Wat is die troetelnaam waarop Hennerik vir Milano aanspreek? Watter emosie word daardeur uitgebeeld? (1) [2,3]
6. Milano word in die roman as Mieta se enigste "vlaktekuiken" beskryf. Evalueer krities waarom hierdie beskrywing geslaagd is. (2) [5]
7. Waarom moes Hennerik met die lyke van die tweeling na die dorp ry? (2) [2]
8. Verduidelik waarom die tweeling in een kissie begrawe word? (1) [1]
9. Watter tema kom na vore in die dood van die tweeling? (1) [3]
10. Verduidelik waarom Mieta veldin (p. 26) gestap het. Watter uitwerking het haar handeling in die veld op Milano? (2) [2]

**13 punte**

**Hoofstuk 2** (p. 27-42)

1. "Die Kaliempies moes nuwe voetpaadjies begin uittrap so tussen die verliesplekke en brakkolle deur." Verduidelik in jou eie woorde wat die betekenis is van bogenoemde aanhaling. (1) [3]
2. Op watter wyse probeer Mieta die dood van die tweeling verwerk? (1) [2]
3. "Nuwejaar het sonder seremonie gekom." (p. 28) Verduidelik wat die aangehaalde sin beteken. (1) [2]
4. Gee twee redes waarom Milano op die windpomp klim. (p. 28 en 30) (1) [4]
5. Verklaar waarom *Klaasneus-hulle* en *Agarob, kind van die duine* kursief gedruk is. (1) [1]
6. Waarna verwys die "Groot Dae" op bladsy 32? (1) [3]

7. Herlees Mieta se kruidenierswarelys op bladsy 33. Dink jy die tipografie en taalgebruik van die lys dra by tot die agtergrond en karakterisering van Mieta Kaliempie? Motiveer jou mening. (2) [4]
8. Wie is die eienaar van Spookwerwe? Verduidelik waarom Geelsuiker op ’n tydstip nie werksaam was op Huurkop nie? (3) [2]
9. Benoem die stylfiguur wat voorkom in die volgende sin: “Die hael klater op die sinkdak.” (1) [3]

**12 punte**

**Hoofstuk 3** (p. 43-55)

1. “Die seer van die tweeling sit stildiep in Mieta.” Watter tipe konflik ervaar Mieta? Noem twee dinge wat veroorsaak dat hierdie konflik haar verbitterd laat voel. (3) [2]
2. Die koffertjie met die babaklere en die roosmarynplant kom herhaaldelik in die roman voor. Wat is die literêre term vir so verskynsel? Watter funksies vervul die babaklere en die roosmaryn onderskeidelik? (3) [2,3]
3. Waarom dink jy sit Mieta die babaklere onder die bed? (1) [4]
4. Hoe raak die Kaliempies ontslae van die luise op die hoenders? (2) [1]
5. “Die Groot Man speel nie vandag met ’n mens nie.” (p. 46) Watter afleiding kan jy maak in verband met die hooflettergebruik in “Groot Man”? Watter emosie gaan gepaard met hierdie woorde van Geelsuiker? (2) [3]
6. Waar het Mieta en Hennerik mekaar ontmoet? Waarom het hulle in die Bo-Karoo gaan woon na die huwelik? (2) [2]
7. Toe Riem in die stormwater beland, keer Mieta dat Milano hom probeer red. Wat kan jy aflei uit die dialoog en handeling van Mieta op bladsy 49-50? Dink jy dit was ’n wyse besluit om Milano te keer? Motiveer jou antwoord. (3) [3,4]
8. Herlees bladsy 52. Watter karaktereienskap van Mieta kom na vore wanneer sy die hanslammers versorg en met hulle praat? (1) [3]
9. Hoekom steek Hennerik vir Riem in die erdvarkgat weg? (1) [3]

10. Dink jy dit is regverdig dat Hennerik nie vir Milano Riem se lyk gewys het nie? Motiveer jou antwoord. Watter karakteriserings-tegniek (karakterbeelding) word gebruik om Hennerik se karakter uit te beeld? (2) [5,3]

**20 punte**

**Hoofstuk 4** (p. 56-63)

1. Verklaar waarom wintermaande instandhoudingsmaande op die plaas is. (1) [3]
2. Wat wil hulle met die dasvelle maak? (1) [2]
3. Gee twee redes waarom Geelsuiker nie dink dit is verkeerd om dassies in ’n slagyster te vang nie. (p. 58) (2) [1]
4. Lug jou mening oor die slagting van diere vir die gebruik van hulle pels vir kleredrag. (1) [5]
5. Waarom kan Milano nie die dasvelle verkoop nie? (1) [2]
6. Noem twee voorwerpe in die leë stroopblikke van Milano. (2) [1]
7. Waarom dink Geelsuiker dat die verhaal van Simson (p. 61-62) onwaar is? (1) [3]
8. Hoekom noem Geelsuiker die goue stroop “jakkalsheuning”? (1) [2]

**10 punte**

**Hoofstuk 5** (p. 64-90)

1. Watter afleiding kan jy maak uit die keuse van die naam “Kleinkind” vir Mieta se gunstelinghanslam? (1) [3]
2. Noem twee hulpmiddels wat die Kaliempies gebruik om die koue te bestry. (2) [1]
3. Wat doen Mieta saans voor slapenstyd? (1) [2]
4. Verduidelik kortliks waarom Mieta se pa op ’n jong ouderdom van haar ontneem is. (3) [1]
5. “Dan het sy hare so vorentoe geval, <u>nes ’n skouperd s’n</u>.” (p. 71) Benoem die beeldspraak in die onderstreepte gedeelte van die aangehaalde sin. (1) [2]
6. Watter funksie vervul die twee oortjiesuile by die tweeling se graf? (1) [3]

7. Verklaar die moontlike simboliese betekenis van die wit kwartsklippe waarmee Mieta die tweeling se graf uitpak. (1) [3]
8. Wat is die name van die twee perde waarop Milano en sy pa gewoonlik in die veld ry? (2) [1]
9. Dit lyk asof juffrou Meintjies vir Milano voortrek (p. 77-78). Stem jy saam met haar optrede? Motiveer jou antwoord en verskaf 'n moontlike rede vir haar optrede. (2) [5]
10. Watter tipe hond bring Geelsuiker vir Milano? (1) [1]
11. Noem twee soorte lekkers wat in die kardoes is wat Milano van Ben Human ontvang. (2) [1]
12. Dink jy die naam wat Milano vir sy nuwe hondjie kies is gepas? Motiveer jou antwoord. (1) [4]

**18 punte**

**Hoofstuk 6** (p. 91-108)

1. "Die koffertjie hou sy 'n rukkie in haar hande; sit dit dan sagter as die ander goed op die kooi neer." Waarvan getuig hierdie handeling van Mieta? (1) [3]
2. Wat vermoed Hennerik wil Mieta met die babakleertjies maak wat sy gewas het? (1) [2]
3. Wat dink jy is die rede dat Mieta onwillig is om vroedvrou te wees vir Hankies se baba? Motiveer waarom Mieta 'n bekwame vroedvrou is. (2) [4]
4. Identifiseer die stylfiguur wat voorkom in die volgende sin binne die konteks van die hoofstuk: "Hankies is nou nie een van die netjiesste mense wat sy ken nie." (1) [3]
5. In watter toestand vind Mieta vir Geelsuiker toe sy by sy huis opdaag om skoon te maak? (2) [2]
6. Mieta tree aggressief teenoor Geelsuiker op – sy vloek hom en verbrand later sy matras. Dink jy sy tree regverdig op? (1) [4]
7. Verduidelik waarom Geelsuiker 'n buitestander geword het. (2) [2]

**10 punte**

**Hoofstuk 7** (p. 109-123)

1. Waarom lag die kinders vir Geelsuiker? (1) [1]
2. Watter tipe atmosfeer heers daar op pad terug van die dorp af? Wat is die rede vir hierdie atmosfeer? (2) [2]
3. Die Kaliempies het nie ’n yskas nie. Hoe slaag hulle daarin om die gemmerbier en vleis koud te hou? (1) [2]
4. Noem twee tipes eet- en/of drinkgoed wat die mense op Oujaarsdag gaan geniet. (2) [1]
5. Verduidelik kortliks die karretjiesmense se lewenstyl. (3) [2]
6. Die riel (p. 115) word gedans op Oujaar. Dink jy dit is belangrik om hierdie tipe kultuurerfenis te bewaar? Motiveer jou antwoord. (1) [4]
7. Watter teken in die natuur sien die karretjiesmense as reën wat op pad is? Hoe verskil Geelsuiker en Hennerik se opinie daarvan? (2) [3]
8. Verduidelik waarom Mieta so ontsteld is toe ’n koperkapel op die werf almal op hol jaag. (1)[3]
9. Watter ooreenkoms is daar tussen Mieta en ouma Riet? (1)[3]
10. Ouma Riet sê op bladsy 123: “Later sal die spore doodreën, maar onthou, ’n swael keer altyd terug na sy plek.” Verduidelik in jou eie woorde die betekenis van hierdie woorde. (1) [3]

**15 punte**

**Hoofstuk 8** (p. 124-134)

1. Wie loop veral deur onder die kinders se gespot by die skaapvangery? (1) [1]
2. Noem twee opdragte wat Jas Maklak die kinders gee voordat hy hulle wys hoe om ’n slang te vang. (2) [1]
3. Waarom is daar konflik tussen Fransie en Milano? (p. 132) Hoe word die konflik ontlont? (2) [2]
4. Waarom is Milano verbaas oor Fransie se opvoeding? Wat dink jy is die rede vir Fransie se gebrek aan opvoeding? (2) [3,4]
5. Hoe vermaak Milano die karretjiesmense se kinders? (1) [2]
6. Hoe lank het die karretjiesmense op Spookwerwe gekuier? (1) [2]
7. Watter vaardigheid het Milano aangeleer by Kootjie? (1) [2]

8. Hoe sal jy en jou gesin optree as vreemdelinge by julle huis aankom en vir 'n tyd lank wil kuier? Motiveer jou antwoord. (1) [5]

**11 punte**

**Hoofstuk 9** (p. 135-144)

1. "'Juffrou, Klaas het gesê hy is nou klaar met skool,' tjip Maria weer in. 'Sy pa het gesê hy moet nou kom help by –'"
   Baie leerders het in die sewentigerjare nie hulle skoolloopbaan voltooi nie. Wat dink jy was die rede daarvoor? Hoe verskil die situasie met deesdae se ingesteldheid aangaande opvoeding? Motiveer jou antwoord. (3) [4]
2. Waarom is Milano teleurgesteld dat Klaas nie meer skool toe kom nie? (2) [2]
3. Tot watter gevolgtrekking kom Hennerik na jou mening wanneer Milano hom inlig dat Mieta nie die babaklere vir Hankies gegee het nie? (p. 138) (1) [5]
4. Bestudeer Milano se voorraad (p. 141) wat hy wil saamneem vir die jakkalsjag. Watter voorwerpe beskou jy as onnodig? Motiveer jou antwoord. (2) [3]
5. Waarom het Maans die jakkalsvel (p. 143) oor die paal by sy woning gehang? (1) [3]
6. Verklaar waarom Geelsuiker en Milano wil gaan jakkalsjag. (1) [3]

**10 punte**

**Hoofstuk 10** (p. 145-156)

1. Wat betaal die boere vir 'n jakkalsvel? Waarom word die vel uitgebrand? (2) [1]
2. Verduidelik waarom Milano en Geelsuiker skaapvelletjies onder hulle voetsole moet sit. (1) [2]
3. Hoe verskil die jakkals en rooikat se aanval op hul prooi? (p. 148) (2) [3]
4. Verduidelik waarom Milano 'n hele ent (p. 149) agter Geelsuiker aangestap kom. (1) [2]

5. Beskryf die tipe verhouding wat Geelsuiker met Milano het. Haal twee bewyse uit die roman aan om jou antwoord te staaf. (3) [3]
6. Noem twee eienskappe van ’n ratel. (p. 153) (2) [1]
7. Probeer verklaar waarom Geelsuiker nie weet hoe oud hy is nie. Gee twee redes. (2) [4]
8. Waarom is Milano teleurgesteld oor die vangs in sy slagyster? (1) [3]
9. Waaruit kan jy aflei dat Geelsuiker nie kan lees nie? (1) [3]

**15 punte**

**Hoofstuk 11** (p. 157-170)

1. Wat vermoed Mieta was die rede vir juffrou Meintjies se besoek? Waarmee was Mieta besig voor die onderwyseres gearriveer het? (2) [2]
2. Noem twee dinge wat Mieta doen wat bewys dat sy haar beste voetjie probeer voorsit om juffrou Meintjies te beïndruk. (2) [1]
3. Noem twee komplimente wat juffrou Meintjies vir Mieta gee aangaande Milano se skoolwerk. (2) [1]
4. Verduidelik wat die werklike rede vir juffrou Meintjies se besoek was. Wat kan jy aflei van die onderwyseres se persoonlikheid tydens haar gesprek met Mieta? (2) [3]
5. Waarom beplan juffrou Meintjies om na Upington te verhuis? (2) [2]
6. Is die volgende aanhaling denotatief of konnotatief? Motiveer jou antwoord.
   “Mieta is heel in ’n noute gedruk en Hennerik moet rieldans om haar te systap.” (2) [3]
7. Benoem die volgende beeldspraak en verduidelik wat dit beteken.
   “Blou Willem is in ieder geval ’n vreetvark.” (p. 161) (2) [3]
8. Vir wie gaan besoek Mieta in die dorp om navraag te doen oor losies? (p. 164) (1) [2]
9. Dink jy die sinkkamer waarin Mieta saam met Milano wil loseer, is ’n geskikte woonplek? Gee ’n rede en motivering vir jou antwoord. (2) [4]
10. Haal ’n woord op bladsy 167 (onderaan) aan wat bewys dat Mieta nie werklik glo dat haar plan ’n goeie oplossing is nie. (1) [2]

11. Watter moontlike oplossing bedink Hennerik vir Milano se voortgesette skoolloopbaan? (1) [3]
12. Weeg Hennerik en Mieta se planne teen mekaar op en motiveer watter plan, na jou mening, die beste moontlike oplossing is. (3) [2,4]
13. Verskaf 'n rede waarom jy dink Hennerik nie wil hê dat Mieta van sy plan moet weet nie. (p. 169-170) (1) [4]

**23 punte**

**Hoofstuk 12** (p. 171-178)

1. Tydens watter skoolvakansie gaan kuier Hennerik en Milano in die Swartland? (1) [1]
2. Noem twee soorte kos wat Hennerik en Milano vir padkos saamneem (p. 172). Wat het Mieta vir Lettie saamgestuur? (3) [1]
3. Wat dink jy is die rede waarom Maans al sy kinders uit die skool wil haal? (p. 173) (1) [4]
4. Wat is die ooreenkoms tussen die Maklaks en Hans en Geitjie wat Hennerik-hulle ontmoet naby Van Wyksvlei? (1) [3]
5. Waar het Hennerik as 'n jongman skaap geskeer? (1) [1]
6. Verduidelik die ironie in die slotsin van hoofstuk 12. (p. 178) (1) [3]

**8 punte**

**Hoofstuk 13** (p. 179-189)

1. Wie is die eienaar van Tweefontein? Voer twee redes aan waarom dit vir Hennerik maklik was om werk op die plaas te kry. (3) [2]
2. Watter voordeel hou die nuwe skool vir Milano in? (1) [2]
3. Noem drie dinge waarmee daar op Tweefontein geboer word. (3) [2]
4. Dink jy Mieta sal daarvan hou om in die nuwe huis in te trek? Motiveer jou antwoord met twee geldige redes. (2) [4]
5. Bestudeer bladsy 183 noukeurig.

5.1 Waaruit kan jy aflei dat daar nie die afgelope paar jaar deeglike kommunikasie tussen Hennerik en sy neef was nie? (1) [3]

5.2 Watter karaktereienskap van Lettie kom sterk na vore in hierdie gesprek? (1) [3]

6. Waarin toon Milano ’n besonderse belangstelling op Tweefontein? (1) [2]
7. Hoe reageer Mieta op Milano se opgewondenheid oor Tweefontein? (1) [3]
8. Hoe weet jy dat daar spanning tussen Mieta en Hennerik is? (p. 188-189) (1) [3]

**14 punte**

**Hoofstuk 14** (p. 190-200)

1. Noem twee dinge op bladsy 190 wat dit vir Mieta moeilik maak om te trek. (2) [2]
2. “Dis weer sy ou laai: hy het ‘al sy prate klaar met die honde uitgepraat’.” Wat dink jy is die rede vir Geelsuiker se stilswye? (1) [4]
3. Noem twee diere wat die Kaliempies nie kan saamneem wanneer hulle trek nie. Verskaf ’n moontlike rede waarom hierdie diere nie kan saamgaan nie. (3)[2,3]
4. Wat kan Milano saamneem wat hom aan die Karoo sal herinner? (1) [2]
5. Waaraan dink Mieta wanneer sy die roosmaryn se takkies vryf? (2) [3]
6. Wat onderneem Geelsuiker om te doen in die Kaliempies se afwesigheid? (2) [2]
7. “Ja, Spookwerwe. Die naam pas jou goed. En al julle klomp spoke, julle is vanaand my getuies wat ek hier agterlaat. Mieta is nie iemand wat haar kuikens vir die katte los nie.” Verduidelik hoe hierdie aanhaling met die titel van die roman skakel. (2) [3]
8. Evalueer krities Mieta se reaksie wanneer Geelsuiker die koffertjie agterop die vragmotor wil sit. Dink jy Mieta se reaksie is aanvaarbaar? Motiveer jou antwoord. (2) [5]

**15 punte**

**Nuwe ruimte – Tweefontein**

Vir die beantwoording van die volgende vrae moet die hele roman in ag geneem word.

**Hoofstuk 15 en 16** (p. 201-220)

1. Watter tyd van die jaar is dit wanneer die Kaliempies op Tweefontein aankom? (1) [1]
2. Mieta is baie gesteld op netheid en privaatheid. Wat is haar reaksie oor die nuwe woning? (1) [2]
3. Hoe word Lettie deur die verteller gekarakteriseer op bladsy 204? Noem nog 'n karaktereienskap van haar. (2) [2]
4. Hoe verskil die beskikbaarheid van kruideniersware op Tweefontein met die op Spookwerwe? (2) [3]
5. Lug jou mening oor die name van die karakters soos Toontjies, Mooiding en Klaas Vuis op Tweefontein. (1) [5]
6. Verduidelik waarom Mieta nie wil hê dat Lettie haar moet help met die uitpakkery nie. (1) [3]
7. Hou Mieta van die ruimte wat sy waarneem op bladsy 209? Motiveer jou antwoord. (1) [3]
8. Die verlate skuur word Milano se wegkruipplek. Waarvoor is die skuur vroeër gebruik? Wat doen Milano in die skuur? (3) [2]
9. Wat is die naam van Milano se nuwe skool? In watter standerd gaan hy die volgende jaar wees? Hoe lank sal hy by die plaasskool kan skoolgaan? (3) [2]
10. Wie is Milano se nuwe vriendin? Waarom dink jy is haar oogbank blou? (2) [1,3]
11. Die Kaliempies leer Perdjiewyn drink. Watter tipe alkohol het hulle op Spookwerwe gedrink? Verduidelik watter invloed die drink van die Perdjiewyn op hulle het. (2) [2,3]
12. Noem twee karaktereienskappe van Klaas Mentoor? Hoe skakel sy bynaam met een van sy karaktereienskappe? (3) [3]
13. "'Daai man trap 'n spoor wat sleg ruik,' sê Mieta en vat 'n slurp van haar koffie." Stem jy saam met Mieta? Motiveer jou antwoord. (1) [5]

**23 punte**

**Hoofstuk 17** (p. 221-232)

1. Die verhaal speel af in die sewentigerjare toe lyfstraf nog wettig was. Wat is jou opinie oor Meester se optrede teenoor die stout kinders? Motiveer jou antwoord. (2) [5]
2. Waarom hou Mieta nie van die water van Tweefontein nie? (1) [2]
3. Verduidelik wat die rede vir ant Meraai se besoek aan Mieta is. (1) [2]
4. Hoekom wil Vytjie nie haar man aankla oor sy gewelddadigheid nie? (1) [3]
5. Hoe oud was ant Meraai toe sy op Tweefontein begin werk het? (1) [1]
6. ". . . dan sit die kat nog op die stoof daar in my huis." (p. 229) Wat is die betekenis van hierdie aanhaling? (1) [3]
7. Watter tipe atmosfeer heers tussen die arbeiders op Tweefontein tydens parstyd? Hoekom vererg Mieta haar vir Klaas Vuis? (2) [3]
8. Watter invloed het die verlore papie (p. 231) op die parsspan? Wat kan gebeur indien dit nie gevind word nie? (2) [3]

**11 punte**

**Hoofstuk 18 en 19** (p. 233-262)

1. Noem drie items wat die Kaliempies aankoop met die ekstra geld wat hulle tydens die parstyd gemaak het. (3) [1]
2. Wat is die naam van die katjie wat Geraldine en Milano probeer mak maak? (1) [1]
3. Verduidelik waarom Hennerik lyfseer het. Aan wie dink Hennerik wanneer hy met die skape werk? (2) [3]
4. Wat is die rede vir Milano se verkoue? (1) [2]
5. "In die verte lê daardie pragtigste blou berge. <u>Hulle koppe het dié week mooi mussies op gekry."</u> (p. 241) Wat is die denotatiewe betekenis van die onderstreepte woorde? (1) [3]
6. Waarom het Milano se siektetoestand vererger? (1) [2]
7. Watter afleiding maak Mieta toe sy die titel van die boek wat Milano lees, sien? (1) [3]
8. "Vir 'n oomblik gaan hy staan en <u>sien hoe die reuseboom met die wind baklei</u>." (p. 247) Benoem en verduidelik die beeldspraak wat voorkom in die onderstreepte gedeelte van die aanhaling. (2) [2]

9. Noem twee tekens (p. 246-247) wat bevestig dat Milano baie siek is. Na watter hospitaal word hy geneem? Is Mieta voorbereid op Milano se hospitaalverblyf? Motiveer jou antwoord. (4)[2,1,3]
10. Wat is Mieta se grootste vrees wanneer die verpleegpersoneel Milano agter die toegetrekte gordyne ondersoek? Haal 'n sin op bladsy 249 aan wat jou antwoord ondersteun. (2) [3]
11. Waarom moet Milano na Tygerberg-hospitaal oorgeplaas word? (2) [2]
12. Lees bladsy 252 ná die tipografiese wit noukeurig. Beskryf Mieta se gewaarwordinge by die Tygerberg-hospitaal en verduidelik waarom sy so voel. (3) [3]
13. Lug jou mening oor die dokter en verpleegpersoneel se houding teenoor Mieta. (1) [3]
14. "'n Kind wat lees, is 'n kind wat wil leer." Stem jy saam met hierdie mening van professor Taljaart? Motiveer jou antwoord. (1) [5]
15. Mieta ken nie die stadslewe nie. Noem twee nuwe dinge waarmee sy kennis maak by Tygerberg-hospitaal. (2) [2]

**27 punte**

**Hoofstuk 20 en 21** (p. 263-277)

1. Watter probleem ondervind Geraldine wat haar kans op geleerdheid kan beïnvloed? Verduidelik waarom Geraldine keer as Mieta die probleem met haar pa wil bespreek. Wat is ironies in verband met die sogenaamde probleem wat Klaas Vuis het? Op watter wyse los Mieta die sogenaamde probleem op? (4) [2,3]
2. Wat is die oorsake van die uiterlike konflik tussen Mieta en Klaas Vuis op bladsy 266-267? Is Mieta bang vir Klaas Vuis? Motiveer jou antwoord. (3) [3]
3. Verduidelik waarom Mieta (op bladsy 271), na jou mening, dink sy staan op heilige grond. Waar het sy 'n soortgelyke ondervinding gehad? (2) [5,3]
4. Hoe bewys Mieta haar dankbaarheid teenoor dokter Taljaart en suster Jongkind? (1) [2]

5. Wat is Milano se reaksie op sy drie weke huisarres? Noem twee van sy seunsvriende se name wat vir hom kom kuier terwyl hy vasgevang in die huis is. (2) [3]

**12 punte**

**Hoofstuk 22 tot 24** (p. 278-319)

1. "'Ek hoor Pop se klong val môre by ons in,' gesels Lettie." (p. 279) Na wie word in die onderstreepte gedeelte verwys? Dink jy die persoon is geskik om in die wingerd te werk? Motiveer jou antwoord. (2) [3]
2. Waarom word Milano versoek om op die perde te ry? Hoe lank het Milano hierdie voordeel geniet? Wat kry hy as vergoeding vir sy moeite? (3) [2]
3. Verduidelik waarom die plaasarbeiders se kinders nie in die plaasdam mag swem nie. Wat gebeur toe Milano en sy maats wel in die dam gaan swem en betrap word? Op watter manier neem hulle wraak? (3) [2,3]
4. Toe Milano hoërskool toe gaan, moet hy in die dorp by Feetjie loseer. Waarom kan dit as ironies beskou word? (1) [3]
5. Mieta is baie ontsteld toe Milano nie die eerste naweek huis toe kom nie. Hoe probeer sy haar woede beteuel? (1) [3]
6. Wat is Mieta se bevinding toe sy vir Feetjie in die dorp besoek? (1) [2]
7. Op bladsy 294 sê Mieta: ". . . hulle roep hier op Tweefontein ook." Verduidelik in jou eie woorde wat die betekenis van hierdie woorde is. (2) [3]
8. Waarvoor is Milano se vriend, Ballie, bekend? Hoe het hierdie bedrewenheid van hom later Lippe se lewe gered? (2) [2,3]
9. Herlees bladsy 301. Wat vermoed Hennerik is fout met Milano? Wat is die werklike rede vir Milano se nukkerigheid? (2) [2,3]
10. Wie is Geraldine se kêrel? Dink jy dat hy 'n goeie persoon is om mee in 'n verhouding te wees? Motiveer jou antwoord. (2) [2,3]
11. Waarom wil Geraldine nie haar ouers inlig oor haar nuwe kêrel nie? (1) [3]
12. "'Hennerik, die wyn het weer aangeskakel daar bo,' sê Mieta deur die slaap en sit regop in die kooi." (p. 307) Wat bedoel Mieta met hierdie uitdrukking? (2) [3]

13. Waarom het Mieta gaan ondersoek instel by die Mentoors se huis? In watter toestand vind Mieta vir Geraldine en Vytjie? Watter langtermyngevolge het Vytjie se toestand op haar en Geraldine gehad? (3) [3]

14. Wie het in die Groot Dae (p. 315) vir die Kaliempies kom kuier? Noem twee items wat hy vir hulle saamgebring het. Op watter wyse het die persoon die Tweefonteiners vermaak? (4) [1]

15. Wat beteken die volgende woorde: "Blou Willem . . . se Castrol-kitaar is nou vir altyd stil"? (1) [3]

**30 punte**

**Hoofstuk 25** (p. 320-336)

1. Verklaar waarom Geraldine nie meer skoolgaan nie. (1) [2]

2. Waar word die Sendingkerkbasaar gehou? Wat het Milano by die basaar gewen? (2) [1]

3. Waarvan beskuldig Fredwell vir Milano? Hoe sou jy opgetree het indien jy vals beskuldig word van iets waarvan jy nie eers bewus is nie? Motiveer jou antwoord. (3) [2,5]

4. Waarom dink jy hunker Milano terug na Spookwerwe? Op watter manier koester hy sy herinneringe aan Spookwerwe? (2) [3]

5. ". . . as jy die pa wil vrekmaak, sal dit 'n blye dag vir my ook wees, want dan hoef my kind dit nie te doen en daarvoor in die tronk te loop sit nie."

5.1 Wie dink Mieta is die pa van Geraldine se ongebore baba? (1) [3]

5.2 Verduidelik waarom Mieta dink dat Milano die pa sal wil doodmaak. (1) [3]

6. Waarom skinder die mense van Tweefontein oor die Kaliempies? Wie is die hoofbron van die geskinder? Hoe kry Mieta dit reg om die persoon se mond te snoer? Hoe beïnvloed haar optrede vir Hennerik? (4) [3]

**14 punte**

**Hoofstuk 26** (p. 336-346)

1. Waaruit kan jy aflei dat Geraldine nie opgewonde is oor die baba se koms nie? (1) [3]
2. Geraldine vlug gewoonlik wanneer haar pa begin drink. Waarom dink jy maak sy op bladsy 340 asof alles in orde is by hulle huis? (1) [3]
3. Mieta sê vir Geraldine dat sy met vuur speel (p. 341). Wat is die konnotatiewe betekenis van hierdie woorde? Op watter manier word hierdie woorde later denotatief van toepassing op Geraldine? (2) [3]
4. Glo jy dat Geraldine in die toilet was toe hulle huis begin brand het? Motiveer jou antwoord met twee redes. (2) [3]
5. Waarom dink jy is Mieta bereid om afstand te doen van die babakleertjies van die tweeling? (1) [4]
6. Evalueer krities Geraldine se handeling om haar baba by Mieta se voordeur te los. (2) [5]
7. "Dit was my pa, antie Mieta." Wat bedoel Geraldine met die woorde wat sy in die brief geskryf het? (1) [3]
8. Dink jy Mieta sal 'n goeie moeder vir die baba wees? Motiveer jou antwoord. (1) [4]
9. Lug jou mening oor die slotsin van die roman. (1) [5]

**12 punte**

**2. Opsteltipe vrae**

Die skryf van die literêre opstel vereis ’n goeie begrip van literêre terminologie en ’n deeglike kennis van die inhoud van die roman sowel as die karakters. In ’n literêre opstel gee die kandidaat nie slegs die inhoud van die verhaal weer nie, maar toon ook insig aangaande die vraag.

’n Goeie inleiding, georganiseerde paragrawe wat bestaan uit ’n stelling en goeie motivering wat uit die roman bewys word, en ’n slot waarin daar tot ’n gevolgtrekking gekom word, is onontbeerlik vir ’n suksesvolle opstel.

**Voorbeeld:**

“Daardie klong vat nou die grootpad. Moenie hom in ’n klein kampie ingekeer hou nie.” Skryf ’n opstel van 400-450 woorde waarin jy verduidelik hoe hierdie woorde van Geelsuiker van toepassing is op die lewe van Milano Kaliempie en die uitdagings wat hy ervaar.

**Moontlike raamwerk vir hierdie opstel:**

Milano Kaliempie se lewe word gekompliseer wanneer die plaasskool by Spookwerwe sluit en hulle noodgedwonge moet trek sodat hy sy skoolloopbaan kan voltooi. Die verhuising na Tweefontein bring vele uitdagings op sy pad.

Milano moet verhuis om sy skoolloopbaan te voltooi: Juffrou Meintjies versoek Milano se ouers om toe te sien dat hy sy skoolloopbaan voltooi omdat hy so slim is. Mieta weier dat hy alleen op die dorp loseer en beplan om saam met hom te loseer. Haar man, Hennerik, dink dit is beter om na Tweefontein te verhuis omdat daar ’n skool op die plaas is. Milano is hartseer omdat hy alles moet agterlaat, maar is ook opgewonde oor die nuwe uitdaging en al die implemente wat hy op die plaas gesien het.

Milano kan nie meer die vryheid van die natuur geniet nie: Milano, wat grootgeword het op Spookwerwe, is ’n natuurliefhebber en geniet dit om saam met sy pa in die veld rond te ry en saam met Geelsuiker te gaan jakkalse jag. Wanneer hulle Tweefontein toe trek, moet hy sy hond en perde agterlaat.

Milano hou daarvan om alleen te wees: Een van sy grootste uitdagings op Tweefontein is om afgesonder te wees. Hy kan nie meer op die windpomp klim en alles van bo bekyk soos op Spookwerwe nie, daarom skuil hy in die ou skuur waar hy storieboeke lees en draadkarre bou.

Milano raak bevriend met Geraldine wat deur haar pa aangerand word: Op Spookwerwe het hy baie maats gehad, maar op Tweefontein is die enigste persoon wat ongeveer so oud soos hy is ’n meisie. Geraldine hou hom aanvanklik op ’n afstand, maar later kom kuier sy vir hom in die skuur. Hy en Geraldine raak goeie vriende, hulle spandeer tyd saam in die skuur, waar hulle sit en lees. Geraldine is egter ’n tragiese karakter wat deur haar besitlike pa mishandel word. Sy loop nooit saam met Milano skuur toe nie en sluit eers later by hom aan, want sy is bang haar pa raak kwaad.

Milano kan vir ’n kort rukkie op die boer se perde ry: Die eienaar van Tweefontein versoek dat Milano sy seun se perd moet ry om te verseker dat hy fiks bly terwyl sy seun op universiteit is. Toe die seun na drie maande terugkeer van universiteit af mag hy nie meer die perde ry nie en is hy baie teleurgesteld.

Milano raak verlief op Geraldine en beleef sy eerste liefdesteleurstelling: Wanneer Milano agterkom dat hy verlief is op Geraldine, hou hy dit geheim. Toe sy egter ’n ander kêrel kry, raak hy jaloers. Dit veroorsaak innerlike konflik, want hy weet nie hoe om sy gevoelens te hanteer nie. Geraldine se nuwe kêrel is ’n ongure karakter wat al voorheen in die tronk was. Milano raak depressief wanneer hy hulle afloer, en sy ma vermoed dat hy en Geraldine gestry het.

Mieta sien die titel van die boek wat Milano lees, *Die verliefde spioen*, en besef dat Milano verlief is op Geraldine. Sy kry hom bitter jammer wanneer Geraldine ’n kêrel kry en weet haar seun beleef sy eerste liefdesteleurstelling.

Milano kry dubbele longontsteking en daar word gevrees vir sy lewe: Milano en sy maats het een oggend op pad skool toe in die water gespeel en siek geraak. Toe hy in die ysige koue uitglip skuur toe om ’n boek te gaan haal, word hy nog sieker. Daar word gevrees vir Milano se lewe. Hy word eers opgeneem in die Swartland-hospitaal en later oorgeplaas na Tygerberg waar hy ’n week lank gehospitaliseer is.

Milano en sy vriende sien hoe Geraldine se kêrel haar aanrand: Eendag het Milano en sy nuwe vriende gesien hoe Geraldine se kêrel haar aanrand en het haar te hulp gesnel. ’n Hewige bakleiery ontstaan en Lippe word deur Fredwell met ’n mes gesteek. Na die bakleiery is Geraldine en Milano weer vriende, maar die verhouding tussen die twee is nie meer dieselfde nie. Milano raak geïrriteerd as Mieta navraag doen oor Geraldine.

Milano word vals beskuldig: Nadat hulle teruggekeer het van die Sendingkerkbasaar sê Fredwell voor almal Geraldine is swanger en dat Milano die pa van die kind is. Milano wil vir Fredwell te lyf gaan oor die leuen wat hy vertel, maar sy pa keer hom. Milano is teleurgesteld omdat Geraldine nie die waarheid wil vertel nie.

Milano is ongelukkig omdat hy beskinder word en wil wraak neem: Hy en sy maats beplan om wraak te neem op Fredwell, maar Mieta kom dit agter en steek 'n stokkie daarvoor. Die gemeenskap begin sleg praat van Milano en beskinder die Kaliempies. Milano is baie ongelukkig en hunker terug na Spookwerwe toe. Hy sê vir sy ma hy wil teruggaan en gaan kyk dan na al die voorwerpe in sy onthou-blik.

Geraldine los haar baba by Mieta se voordeur: Wanneer Geraldine die baba by Mieta se voordeur los, is Mieta verheug om die baba groot te maak. Dit kan egter die skinderstories verder aanblaas dat Milano die pa is. Gelukkig het sy 'n brief vir Mieta geskryf waarin sy bevestig dat haar pa die vader van die baba is.

Kandidate bied hul eie gepaste slot aan. Die dood van die tweeling, Gysie en Grietjie, beïnvloed die Kaliempies se lewe.

**Opsteltipe vrae:**

2.1 Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde die innerlike konflik wat Mieta, Hennerik en Milano ervaar na die dood van die tweeling. (Gebruik die inligting in die afdeling oor konflik om hierdie vraag te beantwoord.)

2.2 Mieta is 'n raakvatvrou. Skryf 'n volledige karakterskets van Mieta Kaliempie in 'n opstel van 400-450 woorde. (Gebruik die inligting oor Mieta se karakter om hierdie vraag te beantwoord.)

2.3 Die Kaliempies moet noodgedwonge verhuis van Spookwerwe na Tweefontein. Skryf 'n opstel van 400-450 woorde oor die kontras van hierdie ruimtes en verduidelik hoe die verhuising vir Mieta en Hennerik beïnvloed. (Gebruik die tabel oor kontras om hierdie vraag te beantwoord.)

2.4 Verlies is 'n sentrale tema in die roman, *Die kinders van Spookwerwe*. Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400-450 woorde waarin jy aantoon hoe verlies die Kaliempies en Geraldine Mentoor se lewens beïnvloed.

## 3. Konsepvraestel

### 3.1 Opstelvraag

Mieta Kaliempie is die protagonis in die roman en het ’n sterk persoonlikheid wat haar in konflik bring met ander newekarakters. Bespreek die uiterlike konflik wat Mieta met Hennerik en Klaas Vuis ervaar in ’n opstel van 400-450 woorde.

**Totaal: [25]**

### 3.2 Kontekstuele vraag

Lees die uittreksels hieronder deeglik en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

“Nou watter plan het jy, Hennerik?” daag sy hom uit. “Sê my bietjie. En ek sê weer, ek los nie ons kind by Blou Willem en Tries nie.” Sy voel soos ’n muishond wat ’n gat probeer grawe in ’n vanghok. Diep in haar hart weet sy haar plan is ook maar ’n papwielplan.

Milano is baie bewus van die kilte tussen sy ouers. Hy het sy wegkruipplekke wat binne hoorafstand is en van waar hy goed op hoogte kan bly. Sy beste verweer is om hom so dig soos ’n termietnes te hou. Wat kan hy in elk geval doen? Die gedagte om op die dorp te loop bly, is nie vir hom ’n lekker gedagte nie, maar tot nou toe klink dit vir hom na die enigste plan wat sy ouers het.

Vroegoggend rinkink die voëltjies. Sit later pofveertjies toe die wintersonnetjie uitkom en hulle begin bak. Die veld is spierwit geryp en ysig stil. Mieta sit met haar beker koffie in die flou sonnetjie en bid tot diep in haar hart in. Sy hoor Hennerik se skoene nader knars. Sy is goed dik vir hom omdat hy haar nie wil help nie.

“Ek ry nou maar eers weer skaap toe en dan oor na Huurkop. Sal vir ons bietjie lemoene saambring.”

Mieta sê niks. Blaas net oor haar warm koffie.

Hennerik se gedagtes is ’n warrelwind. Mieta se plan van losies by Antjie staan hom glad nie aan nie, maar wat anders? Hy gaan sit op ’n miershoop en luister na die veldgeluide, en dis toe dat daar ’n gedagte voor in sy kop kom lê.

Hy moet met sy neef Toontjies praat. Vandat Toontjies destyds in die wingerde gaan werk het, was hy alewig vol praat dat hulle ook moet afkom na daar

waar hy en Lettie bly. Van Toontjies se kinders moet reeds klaar wees met skool, maar as hy reg onthou, is daar nog ’n droëprampie wat skoolgaan.

3.2.1 Na aanleiding van watter krisis in die Kaliempies se lewe vind hierdie gesprek plaas? (1)

3.2.2 Gee twee gemotiveerde redes waarom Mieta nie wil hê dat Milano by Blou Willem en Tries moet loseer nie. (2)

3.2.3 Benoem die beeldspraak in die onderstreepte sin in reël 2-3. Watter emosie word weergegee met hierdie beeldspraak? (2)

3.2.4 Stem jy saam dat Mieta se plan ’n “papwielplan” is? Motiveer jou antwoord met twee redes wat nie in die uittreksel genoem word nie. (2)

3.2.5 Wat is die werklike rede waarom Mieta nie wil weggaan van die plaas af nie? Wat is die verband tussen die titel van die roman en die rede waarom Mieta nie wil weggaan van Spookwerwe af nie? (3)

3.2.6 Benoem die stylfiguur wat voorkom in reël 12-13. (1)

3.2.7 Wat is die naam van die plaas waarheen die Kaliempies later verhuis? Verduidelik waarom Hennerik se plan om na die plaas te verhuis later ironies blyk te wees. (2)

3.2.8 Lug jou mening oor die effektiwiteit van taalgebruik van die onderstreepte woorde in reël 24. (1)

**TEKS B**

Milano slaap daardie Saterdag nie in die huis nie. Hennerik en Mieta weet hy sal by die skuur wees en los dit net daar. Mieta stap teen skemer daarheen met ’n kosdingetjie. Sy roep, maar kry geen antwoord nie. Maar sy weet hy is daar, want Raldine kom ook nie af nie. Al wat sy in die skemerte in sê, is dat sy en Hennerik niks glo wat daai tronkvoël sê nie. Hy moet huis toe kom, hulle wag vir hom.

Mieta en Hennerik sit tot laataand by die kombuistafel en wag. Hennerik gaan later slaap en Mieta wag alleen by die draadloos. Sy kyk hoe die kers afsmelt en steek ’n nuwe een op. Met dagbreek, toe sy op die stoep gaan staan, sien sy hom aankom. Mieta druk hom styf vas, maar hy stoot haar weg.

"Ek wil terug Spookwerwe toe, Ma. Dis glad nie lekker hier nie," is sy eerste woorde.

Mieta gaan in kombuis toe en smeer vir hom ’n dik sny brood. "Kom, eet bietjie jakkalsheuning." Sy sit die blik stroop voor hom neer.

"Ek gaan daardie klong vrekmaak."

"Toemaar, my kind, die waarheid is die waarheid. Niemand kan teen dit stry nie, hy praat vir homself."

"Wat sê Geraldine?" vra hy. "Vir wat het sy net daar gestaan met haar mond vol tande?"

"Ek weet nie."

"Sy't net niks gesê nie, Mamma. Hoekom? Sy weet dis nie die waarheid nie."

"Ek weet, my kind. Maar hou jy net jou lyn, dinge sal uitwerk. Ek verstaan ook nie eintlik wat hier aan die gang is nie. Miskien is sy net so geskrik dat sy niks kan sê nie."

3.2.9 Verduidelik waarom Milano in die skuur gaan wegkruip het. Watter ander aktiwiteite het hy ook in die skuur verrig? (3)

3.2.10 Wie is die tronkvoël waarna in reël 5 verwys word? (1)

3.2.11 Dink jy dat Milano se optrede teenoor Mieta regverdig is? Motiveer jou antwoord en verduidelik hoe jy in ’n soortgelyke situasie sou optree. (2)

3.2.12 Waarom het die stroop die naam "jakkalsheuning" (reël 13) gekry? (1)

3.2.13 Gee ’n moontlike rede vir Geraldine se reaksie ná die leuen wat oor Milano vertel is. (1)

3.2.14 Dink jy dit is ’n goeie idee om terug te gaan na Spookwerwe soos Milano begeer? Motiveer jou antwoord. (1)

3.2.15 Daar is ’n kontras in Mieta se dialoog en handeling in teks A en B. Verduidelik die kontrasterende karaktereienskappe van Mieta wat na vore kom in teks A en B onderskeidelik. (1)

3.2.16 Watter fisiese herinnering (deurlopende motief) troos vir Milano wanneer hy na Spookwerwe verlang? (1)

**Totaal [25]**

## 4. Memorandum en nasienriglyne

**Kontekstuele vrae**

**Hoofstuk 1** (p. 9-26)

1. Die aanhaling voor in die boek verwys na die tweeling se dood en beklemtoon die invloed wat die dood van die tweeling op die Kaliempies se lewe het. √ (1) [3]
2. Die ruimte is die plaas, Spookwerwe in die Bo-Karoo. √ Aangesien daar op Spookwerwe met skape geboer word, hou jakkalse ’n bedreiging in, want jakkalse is roofdiere wat skape vang. √ (1) [2]
3. “Fluisterdraf” is ’n neologisme wat beteken dat die geluid wat wildsbokke se pote op die grond maak wanneer hulle draf baie sag is, amper soos ’n fluistering. √ (1) [3]
4. Riem het waarskynlik onraad vermoed omdat hy die slang gewaar of geruik het en tot aanval wou oorgaan. √ (1) [4]
5. Boesman. √ ’n Gevoel van liefde of vertedering. √ (1) [2,3]
6. Die beskrywing is geslaagd, want Milano is iemand wat lief is vir die natuur en daarvan hou om in die vlaktes met sy perd te ry. √ Na die dood van die tweeling is Milano die enigste kind van Mieta; sy kan ook nie weer kinders kry nie. √ (2) [5]
7. Hy moes die dood van die kinders by die polisie gaan rapporteer, sodat iemand hulle nie van moord kon beskuldig nie. √ Hy moes ook ’n doodsertifikaat by die dokter kry alvorens hulle die lyke mag begrawe. √ (2) [2]
8. Dit was ’n versoek van Mieta en Hennerik. Omdat hulle saam in die wêreld gekom het, wou hulle ook hê dat hulle saam begrawe word. √ (1) [1]
9. Verlies √ (1) [3]
10. Sy wou nie hê dat iemand moet sien hoe hartseer sy is nie. / Sy wou alleen wees om die dood van haar kinders te betreur. √ Milano druk die kussing oor sy kop om die klanke van Mieta se gehuil te demp. / Dit is Milano se eerste kennismaking met dood en hy probeer die hartseer vermy. √ (2) [2]

**13 punte**

**Hoofstuk 2** (p. 27-42)

1. Die Kaliempies moes leer om die dood van die tweeling te verwerk en aan te gaan met hulle lewe. √ (1) [3]
2. Mieta maak huis skoon en was die beddegoed. √ (1) [2]
3. Omdat dit so kort na die tweeling se dood was, het die Kaliempies nie soos gewoonlik feesgevier tydens Nuwejaar nie. √ (1) [2]
4. Dit laat hom belangrik voel. √ Hy hou daarvan om soms alleen te wees en almal van bo af dop te hou. √ (1) [4]
5. Dit is kursief gedruk omdat dit titels van storieboeke is. √ (1) [1]
6. "Groot Dae" verwys na die feesvieringe rondom Kersfees en Nuwejaar. √ (1) [3]
7. Ja, die tipografie van die lys word visueel voorgestel aan die leser en dra by tot die agtergrond van Mieta se beperkte skoolopleiding. √ Mieta word gekarakteriseer as iemand wat nie gesteld is op spelling nie en 'n woord skryf soos dit uitgespreek word. Sy meng ook Afrikaanse woorde met Engelse woorde. √ (2) [4]
8. Ben Human se pa het die plaas, Huurkop, verhuur toe Ben op universiteit was. √ Geelsuiker het in daardie tyd as jakkalsjagter gewerk en rondgeswerf. √ Hy het (na die dood van sy vrou en die verlies van sy kinders) in 'n lokasie weggekwyn waar Ben hom weer gevind het. √ (3) [2]
9. Klanknabootsing / onomatopee √ (1) [3]

**12 punte**

**Hoofstuk 3** (p. 43-55)

1. Innerlike konflik. √ Mieta kan nie meer kinders baar nie. √ Hankies, haar buurvrou, is swanger met haar sesde kind. / Haar ouma het twaalf kinders gehad, asook agter-agterkleinkinders, en sy het net een kind. √ (3) [2]
2. Dit word 'n deurlopende/herhalende motief genoem. √ Die koffertjie met die babaklere is verteenwoordigend van die tweeling of verlies. / Sy hou die tweeling op hierdie manier "lewend" omdat sy nie hulle dood kan verwerk nie. √ Met die roosmaryn koester sy die

herinneringe aan haar pa, Beppe, wat Italië toe gedeporteer is toe sy ses jaar oud was. √ (3) [2,3]

3. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sy steek dit weg, want sy wil nie hê dat Hennerik dit moet sien nie, want dan sal hy besef dat sy nie die tweeling se dood verwerk het nie en steeds oor hulle treur. (1) [4]
4. Hulle het die hoenderhok uitgebrand. √ Die aand toe die hoenders op die stellasie sit, het Mieta hulle met as gepoeier en hul pote in ou kookolie gedoop. √ (2) [1]
5. Dit verwys na God. / Jy kan aflei dat Geelsuiker God se almagtigheid erken, maar nie noodwendig godsdienstig is nie. √ eerbied / respek / vrees √ (2) [3]
6. In die duinewêreld of Kalahari / In die omgewing van Upington/Keimoes naby die Oranjerivier waar hulle met rosyntjies gewerk het. √ Hennerik is lief vir die Karoo en hou daarvan om met skape te werk. √ (2) [2]
7. Mieta is bevrees dat Milano sal verdrink, daarom beveel sy hom om stil te staan. √ Sy hou hom stewig vas sodat hy nie in die water kan spring om die hond te probeer red nie. √ Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, die hond het versuip en Milano is nog baie jonk en kan nie swem nie. Hy sou ook verdrink het. √ (3) [3,4]
8. Sy is liefdevol / sorgsaam / ’n diereliefhebber / geduldig. √ (1) [3]
9. Hy wil vir Milano die hartseer spaar om die dooie hond te sien. √ (1) [3]
10. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, Milano se broer en suster is onlangs oorlede en hy is nog te jonk om nog ’n terugslag te verwerk.

    OF

    Nee, dit is nie regverdig nie, want Milano sal aanhou hoop dat die hond nog lewe. √

    Die karakteriseringstegniek wat gebruik word, is handeling. √ (2) [5,3]

**20 punte**

**Hoofstuk 4** (p. 56-63)

1. Gedurende die wintermaand is die skaapboerdery nie so intensief nie, want die skape word in die somer geskeer en ingeënt teen siektes, daarom is daar in die wintermaande nie soveel werk nie. √ (1) [3]
2. ’n Karos / velkombers √ (1) [2]
3. Hy sê dat die dassies te veel aanteel omdat die rooikatte en arende nie meer die dassies uitdun nie. √ Dassies vreet die veld stomp af. √ (2) [1]
4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek hou nie daarvan dat diere geslag word vir hul pelse nie, daar is baie ander materiaal wat gebruik kan word vir die maak van klere. √ (1) [5]
5. Niemand koop meer dasvelle nie. / Die mense is meer op omgewings-bewustheid ingestel en die polisie kan jou arresteer as jy betrap word met baie dasvelle. √ (1) [2]
6. Een blik is vol van sy mooiste albasters. √ Die ander blik het optelgoed in soos blou vinkeiers / en ’n uitgedroogde skilpadkloutjie. √ (2) [1]
7. Hy is ’n realis (realistiese persoon) wat nie kan glo dat ’n mens driehonderd jakkalse lewendig kan vang en hulle sterte aanmekaar kan vasknoop nie. / Hy is ’n jakkalsjagter en weet dat jakkalse jou sal byt as jy hulle lewendig probeer vang. √ (1) [3]
8. Hy noem dit “jakkalsheuning” op grond van die verhale oor Simson. √ (1) [2]

**10 punte**

**Hoofstuk 5** (p. 64-90)

1. Die naam “Kleinkind” bewys dat die hanslam vir Mieta soos ’n kind is. / Die hanslam is deel van die familie. √ (1) [3]
2. Hulle maak vuur in ’n oopgesnyde oliedrom (’n konka) √ en gooi kookwater in die Coke-glasbottels wat hulle binne-in die bed sit om warm te bly. √ (2) [1]
3. Sy sit en brei terwyl sy na die nuus en *Die geheim van Nantes* op die radio luister. √ (1) [2]
4. Haar pa was ’n krygsgevangene in die Tweede Wêreldoorlog. √ Haar ouers kon nooit trou nie, want haar pa het nie dokumente vir verblyfreg in Suid-Afrika gehad nie en moes vir die polisie wegkruip. √ Hy is

gearresteer toe sy ses jaar was en gedeporteer na sy geboorteland, Italië, omdat hy onwettig in die land was. √ (3) [1]

5. Vergelyking. √ (1) [2]

6. Dit verteenwoordig die tweeling, Gysie en Grietjie. / Dit troos vir Mieta en hou hulle in haar gedagtes "lewend". √ (1) [3]

7. Wit simboliseer reinheid en onskuld. Die tweeling was skaars agt maande oud en onskuldige slagoffers wat nooit enige "sonde" gedoen het nie. √ (1) [3]

8. Robyn √ en Agaat. √ (2) [1]

9. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, dit is baie koud en Milano is gewoonlik betyds vir skool. √ Dit is die eerste keer dat hy laat kom en die juffrou kan daarom 'n uitsondering maak. √

   OF

   Nee, dit is nie regverdig nie, dieselfde reëls moet vir almal geld. √ Sy trek hom waarskynlik voor omdat hy slim is en hou van lees. √ (2) [5]

10. 'n Windhond. √ (1) [1]

11. Sugus, appelkooslekkers, Wilsontoffies en niekerbols. √√ (enige 2) (2) [1]

12. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, die hondjie is baie maer, jy kan waarskynlik sy ribbes deur die vel sien, daarom is Ribbes 'n gepaste naam. √ (1) [4]

**18 punte**

**Hoofstuk 6** (p. 91-108)

1. Hierdie handeling getuig van haar liefde vir die tweeling. / Sy koester die herinneringe aan die tweeling. / Sy sit dit sag neer omdat die koffertjie met die klere vir haar soos 'n baba is wat sy saggies moet hanteer. √ (1) [3]

2. Hy dink sy wil dit vir Hankies gee sodat sy dit kan gebruik vir die nuwe baba. √ (1) [2]

3. Sy is nog te hartseer oor haar babas wat sy aan die dood moes afstaan / Sy is verbitterd omdat Hankies nog kinders kan kry en sy nie. √ Dit lyk asof Mieta weet wat sy doen, want sy kom agter dat daar iets fout is en

beveel aan dat Hankies hospitaal toe moet gaan omdat sy dalk kan begin bloei. √ (2) [4]

4. Eufemisme. √ (1) [3]
5. Hy is baie dronk. √ Hy het sy bed natgemaak en hy stink. √ (2) [2]
6. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, Mieta probeer hom help en hy is moeilik, daarom moet sy streng optree. √

   OF

   Nee, dit is nie reg nie, sy ken nie Geelsuiker se agtergrond nie en weet nie wat die rede vir sy dronkenskap is nie. √ (1) [4]
7. Hy het sy vrou en kinders verloor. Toe hy dronk was, het hy sy eie baba gevang, maar nie die naelstring deeglik afgebind nie. Dit het gelei tot sy vrou en pasgebore baba se dood. √ Die Welsyn het sy ander kinders van hom af weggeneem en hy verwyt homself daaroor. Hy wil nie hê iemand moet sy geheim ontdek nie en leef in afsondering. √ (2) [2]

**10 punte**

**Hoofstuk 7** (p. 109-123)

1. Hy lyk snaaks, want sy oë en bolip is geswel omdat die bye hom gesteek het toe hy heuning uitgehaal het vir die Nuwejaarskarrie. √ (1) [1]
2. Daar heers ’n vrolike atmosfeer, √ want dit is Oujaarsdag en almal wil feesvier. √ (2) [2]
3. Hulle grou ’n gat onder die kareeboom, maak die grond nat en sit die gemmerbier, karrie en vleis in die gat. Dan maak hulle die gat toe en gooi nog water bo-op. √ (1) [2]
4. Bakbrood, staanribbetjies, gemmerbier en heuningkarrie. √√ (enige 2) (2) [1]
5. Die karretjiesmense het nie ’n vaste woonplek nie. √ Hulle swerf rond met hulle donkiekarretjies op soek na tydelike werk. Sodra die werk afgehandel is, swerf hulle verder na die volgende werk. √ Hulle kinders gaan nie skool nie en is ongeletterd. √ (Hulle is goeie skaapskeerders en hou van musiek en dans.) (3) [2]
6. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, dit is belangrik dat jy moet weet waarvandaan jy kom en jou kultuurerfenis vir die nageslag bewaar. (1) [4]

7. Hulle sien die swaeltjies wat in die pad sit as ’n teken van reën. √ Geelsuiker en Hennerik hou die termiete se werksaamhede dop en weet wanneer die wind gaan waai wat reën kan bring. √ (2) [3]
8. Die slang laat haar terugdink aan die tweeling se dood en sy is bang dat ’n slang weer iemand kan doodpik. / Dit voel vir haar asof sy weer die dag beleef toe die tweeling dood is as gevolg van die pofadder wat hulle gepik het. √ (1) [3]
9. Albei het kinders aan die dood afgestaan. √ (1) [3]
10. Dit neem tyd om vrede te maak met die verlies van ’n geliefde, maar dit is iets wat jy nooit kan vergeet nie. / Mettertyd raak die hartseer minder, maar die gemis sal altyd daar wees, daarom sal jy terugkeer om jou afgestorwe geliefdes se graf te besoek. √ (1) [3]

**15 punte**

**Hoofstuk 8** (p. 124-134)

1. Kootjie Maklak. √ (1) [1]
2. Hulle moet vir hom ’n lewendige muis √ en ’n stuk tou √ kry. (2) [1]
3. Fransie het die verkleurmannetjie uit Milano se hand geklap. √ Hulle begin weer saamspeel. / Hulle gooi klippe na die hoekpaal om die gemoedere te lig. √ (2) [2]
4. Hy kan nie glo dat Fransie, wat omtrent so oud soos hy is, net sy naam leer skryf het nie, terwyl hy al kan lees en somme doen. √ Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Die karretjiesmense trek te veel rond en kan nie die kinders in ’n skool sit nie. √ (2) [3,4]
5. Hy lees vir hulle stories voor uit *Diereland*. √ (1) [2]
6. Ongeveer twee weke. √ (1) [2]
7. Hy het hom geleer hoe om draadkarretjies te maak. √ (1) [2]
8. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Dit sal nooit in ons huis gebeur nie, want my ouers vertrou nie vreemdelinge nie. Vandag is dit gevaarlik om vreemdelinge te huisves, want hulle kan jou beroof en vermoor. √ (1) [5]

**11 punte**

**Hoofstuk 9** (p. 135-144)

1. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Die gesinne was arm en elke lid van die familie wat kon werk, het ’n beter inkomste verseker. √ Deesdae word daar op handearbeid neergekyk; almal wil grade hê en baie geld maak. √ Destyds was daar nie soveel geleenthede vir bruin mense om ’n hoë posisie te beklee nie, daarom het baie min kinders hul skoolloopbaan voltooi. √ (3) [4]
2. Hy wou vir hom sy draadkarretjie wys √ en wou van sy “milkies” (melkkleurige albasters) wen. √ (2) [2]
3. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Hennerik besef dat Mieta steeds treur oor die tweeling omdat sy nie hulle dood kan verwerk nie. √ (1) [5]
4. Enige van: albasters, draadtang en die rolletjie draad. √ Hy gaan saam met Geelsuiker op ’n jakkalsjag – hy gaan nie draadkarretjies maak of albasters speel saam met ’n maat nie. √ (2) [3]
5. Hy is trots en wil spog met die jakkals. √ (1) [3]
6. Hulle wil verhoed dat die skape deur die jakkalse gevang word. √ (1) [3]

**10 punte**

**Hoofstuk 10** (p. 145-156)

1. R100. √ Daar is sommige skelm jagters wat dieselfde vel vir ’n ander boer gaan wys en twee keer geld daarvoor kry. √ (2) [1]
2. Om te verseker dat hulle nie ’n reuk agterlaat of spore sal maak wat die jakkalse sal afskrik nie. √ (1) [2]
3. Die jakkals mik na die nek om die prooi dood te smoor en eet eerste die lewer en niere. √ Die rooikat byt dadelik vir die keel en eet van agter af. √ (2) [3]
4. Milano is baie honger, maar wil nie vir Geelsuiker sê nie en eerder wag tot hy ook wil eet. Dit veroorsaak dat hy moeg raak en stadiger loop. √ (1) [2]
5. Geelsuiker is baie lief vir Milano en behandel hom soos sy eie kind. √ Geelsuiker het vir hom geskenke gegee soos die hond en die dasvelle. / Geelsuiker leer vir Milano dinge van die veld soos wat sy pa vir hom geleer het. / Hy gee vir Milano sy brood en sal eerder self honger ly. √√ (enige 2) (3) [3]

6. Ratels stink, loop in die nag rond en is geharde diertjies wat ’n mens nie sommer maklik dood kry nie. Ratels se spore lyk soos’n ystervark s’n en hulle kan gevaarlik wees. √√ (enige 2) (2) [1]
7. Hy is ongeletterd. / Kan nie lees of skryf nie. √ Sy ma het nie sy geboortedatum neergeskryf nie, dus weet hy nie hoe oud hy is nie. √ (2) [4]
8. Daar was net ’n kraai in die slagyster en hy het gehoop hy gaan ’n jakkals vang. √ (1) [3]
9. Hy vra vir Milano om vir hom voor te lees. √ (1) [3]

**15 punte**

**Hoofstuk 11** (p. 157-170)

1. Sy het gedink die onderwyseres het hulle besoek omdat Milano een oggend laat was vir skool. √ Sy het vetkoekdeeg aangemaak en die tafel was nog vol meel. √ (2) [2]
2. Sy sorg dat die kombuis skoon en netjies is. √ Sy haal haar beste koppies, die blink suikerpotjie van haar ma en ’n melkbeker uit om koffie te bedien. √ (2) [1]
3. Sy sê dat Milano slim is. / Hy kan goed somme maak. √ Hy het goeie maniere. √ (2) [1]
4. Sy het vir Milano se ouers gevra dat hulle moet toesien dat hy sy skoolloopbaan voltooi. √ Jy kan aflei dat die onderwyseres passievol oor haar werk is en werklik vir die kinders omgee. √ (2) [3]
5. Die plaasskooltjie gaan permanent sluit. √ Haar ma, wat in Upington woon, is siek en sy wil graag naby aan haar wees. √ (2) [2]
6. Konnotatief. √ Dit beteken dat Mieta beangs en humeurig is en Hennerik nou versigtig moet wees vir haar. (Sy is nie werklik in ’n nou spasie nie en Hennerik hoef nie te dans nie.) (2) [3]
7. Metafoor. √ Dit beteken dat Blou Willem geldgierig is. / Hy laat mense te veel betaal. √ (2) [3]
8. Antjie Appools. √ (1) [2]
9. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, die dak lek / die kamer is aan uiterste temperature blootgestel. / Daar is nie ’n ordentlike vloer of

vensters in nie. / Die kamer is baie donker. √ Die plek is nie geskik om in te woon nie, want dit kan veroorsaak dat hulle siek word. √ (2) [4]

10. “papwielplan” (1)[2]

11. Hy wil vir sy neef, Toontjies, kontak om te hoor of daar nie vir hom werk op Tweefontein is nie sodat Milano op die plaasskool kan skool gaan. √ (1) [3]

12. Mieta wil in die dorp saam met Milano in ’n minderwaardige sinkkamertjie gaan woon wat tagtig kilometer van die dorp af is. Hulle sal net naweke kan huis toe gaan. √ Hennerik wil na Tweefontein naby Riebeek-Wes trek waar daar ’n skool op die plaas is en hulle as gesin elke dag bymekaar kan wees. √ [2](2)
Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink Hennerik se plan is die beste, want dit is belangrik dat kinders deel is van hulle ouers se lewe en goed versorg word. √ (1) ,4]

13. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Hennerik weet dat Mieta nie sal wil trek van Spookwerwe af nie en dat sy hom sal teëgaan. √ (1) [4]

**23 punte**

**Hoofstuk 12** (p. 171-178)

1. Oktober-vakansie. √ (1) [1]
2. Gebraaide skaaplewer, vetkoeke, uitgebraaide kaiings. √√ Sy het vars bakbrood vir Lettie saamgestuur. √ (3) [1]
3. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Hy het baie kinders en sal dit waarskynlik nie kan bekostig om losies te betaal vir al die kinders nie.√ (1) [4]
4. Albei is karretjiesmense en swerf rond saam met hulle kinders op soek na werk. √ (1) [3]
5. By Brandvlei. √ (1) [1]
6. Milano dink dat die sterre anders lyk op ander plekke, maar dit is dieselfde hemelruim wat oral waargeneem kan word. √ (1) [3]

**8 punte**

**Hoofstuk 13** (p. 179-189)

1. Buks van der Merwe. √ Dit is hoogseisoen met die druiwe en dan is daar altyd ekstra hulp nodig. √ Toontjies het vir Hennerik voorspraak gemaak en gespog met Milano se skoolwerk. Die eienaar is ten gunste van slim kinders wat goed op skool vaar. √ (3) [2]
2. Hy sal skool toe kan loop. / Hy sal elke dag by sy ouers wees. √ (1) [2]
3. Druiwe (wynboerdery), √ koring √ en skape (vleismerino's). √ (3) [2]
4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, die huis is verwaarloos en stink, Mieta is gesteld op netheid. √ Die Kaliempies het op Spookwerwe afgesonderd geleef en nou moet hulle tussen ander arbeiders woon. √ (enige twee ander aanvaarbare redes) (2) [4]
5. Bestudeer bladsy 183 noukeurig.

5.1 Toontjies is nie ingelig oor Ragel se dood nie. / Hulle ken nie die besonderhede van die tweeling se dood nie. √ (1) [3]

5.2 Nuuskierigheid / Sy is bemoeisiek en druk haar neus in ander se sake.√ (1) [3]

6. Hy is baie geïnteresseerd in die implemente, veral die stroper. √ (1) [2]
7. Sy is ongeërgd en toon nie veel belangstelling nie. / Sy gee voor dat sy belangstel, maar wil eintlik niks daarvan weet nie. √ (1) [3]
8. Hennerik en Mieta vermy mekaar. / Hulle praat nie direk met mekaar nie, maar deur middel van Milano. / Hulle bly uit mekaar se pad uit en vermy enige gesprekke oor die moontlike verhuising. / Hulle slaap met hulle rûe na mekaar toe. √ (enige een) (1) [3]

**14 punte**

**Hoofstuk 14** (p. 190-200)

1. Haar tweeling is op Spookwerwe begrawe en sy wil nie van hulle af weggaan nie. √ Sy het lief geraak vir die stiltes van die Karoo. / Op Tweefontein moet sy tussen ander mense woon. √ (2) [2]
2. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Hy het reeds sy vrou en kinders verloor en die Kaliempies is vir hom soos 'n familie. / Hy is hartseer omdat hy alleen gaan agterbly. √ (1) [4]

3. Die perde (Robyn en Agaat), die melkkoei (Streepmuis), sommige van die hoenders en die hond (Ribbes). √√ Al die diere sal nie op die treklorrie vervoer kan word nie. / Die plaaseienaar sal nie daarvan hou as daar ekstra diere op sy plaas is nie. √ (3)[2,3]
4. Die karos / sy onthou-stroopblik met die optelgoed. (1) [2]
5. Sy dink aan haar pa √ en dat sy voorheen van elders afgekom het. √ (2) [3]
6. Hy sal nie vir Kleinkind slag nie √ en sal die graf van die tweeling in stand hou. √ (2) [2]
7. Die aanhaling skakel direk met die titel, want die plaas se naam word genoem. √ Die "kuikens" dui op Mieta se tweeling wat sy verloor het en op Milano wat die rede vir hulle verhuising is. √ (2) [3]
8. Mieta oorreageer en wil nie hê dat Geelsuiker daaraan raak nie. Die koffertjie behoort niks oor te kom op die vragmotor nie. √
   Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, dit is al wat sy van die tweeling oor het en sy wil dit graag beskerm.

   OF

   Nee, dit is aardse goed. Sy moet ophou om daaraan vas te klou en vrede maak met die verlede en fokus op die toekoms. √ (2) [5]

**15 punte**

**Nuwe ruimte – Tweefontein**

Vir die beantwoording van die volgende vrae moet die hele roman in ag geneem word.

**Hoofstuk 15 en 16** (p. 201-220)

1. Aan die einde van die jaar. / November. √ (1) [1]
2. Sy hou nie van die baie oë op haar nie en sê dat die huis eers moet skoon wees voordat die meubels ingedra kan word. (Sy beveel Hennerik om die buitetoilet reg te kry.) √ (1) [2]
3. Sy word as bemoeisiek, beterweterig en inmengerig gekarakteriseer. √ Sy skinder graag. / Sy is nuuskierig. √ (2) [2]
4. Op Spookwerwe was Mieta ver van die dorp af en kon net teen maandeinde gaan kos koop. √ Op Tweefontein is daar 'n plaaswinkel waar sy daagliks voorraad op skuld kan aankoop. √ (2) [3]
5. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sekere karakters het vreemde name, soos Toontjies, Mooiding en Klaas Vuis, wat beskrywend is van hulle voorkoms of handeling. √ (1) [5]
6. Mieta hou nie van Lettie nie en wil alleen werk. / Mieta is geïrriteerd met Lettie omdat sy baie praat en wil hê dat sy moet loop. √ (1) [3]
7. Ja, eintlik hou sy daarvan, maar wil dit nie erken nie. √ (1) [3]
8. Die verlate skuur was vroeër gebruik vir muile en later om strooi in te berg. √ Milano lees graag sy boeke in die skuur √ en bou sy draadkarretjies daar. √ (3) [2]
9. Witvlei Primêr. √ Standerd 5. √ Een jaar. √ (3) [2]
10. Geraldine Mentoor. √ Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Geraldine se pa het haar waarskynlik aangerand. √ (2) [1,3]
11. Heuningkarrie wat Geelsuiker gemaak het. √ Die Perdjiewyn veroorsaak dat hulle ongeskik raak en met mekaar argumenteer. √ (2) [2,3]
12. Hy is aggressief en besitlik. √ Hy is 'n dronklap en het nie goeie morele standaarde nie. √ Sy bynaam is beskrywend van sy karaktereienskappe, want weens sy dronkenskap en besitlikheid rand hy sy vrou en dogter aan. √ (3) [3]

13 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, die res van die gemeenskap minag hom omdat hy sy vrou en kind mishandel. / Hy het sy eie dogter swanger gemaak! √ (Enige aanvaarbare antwoord.) (1) [5]

**23 punte**

**Hoofstuk 17** (p. 221-232)

1. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink lyfstraf moet weer gewettig word, want dit dra by tot goeie dissipline.

   OF

   Ek veroordeel lyfstraf, want dit grens aan mishandeling. √ (2) [5]
2. Sy is gewoond aan die soet windpompwater van Spookwerwe, maar Tweefontein se water is brak en sy hou nie van die souterige smaak nie. √ (1) [2]
3. Ant Meraai het vir Mieta gevra dat sy ’n ogie oor Geraldine Mentoor moet hou en toesien dat sy kos kry om te eet. √ (1) [2]
4. Vytjie weet as sy haar man aankla, gaan sy net weer aangerand word. √ (1) [3]
5. Sy was twaalf jaar oud. √ (1) [1]
6. Dit beteken ant Meraai het nog nie kos voorberei vir middagete nie. √ (1) [3]
7. ’n Gemoedelike atmosfeer. √ Mieta hou niks van Klaas Vuis se suggestiewe aanmerkings nie. √ (2) [3]
8. Almal hou dadelik op werk en help soek na die verlore papie. √ Die papie kan veroorsaak dat die siwwe by die kelder stukkend geslaan word, dan moet die plaaseienaar wat die vrag by die kelder afgelaai het vir die skade betaal. √ (2) [3]

**11 punte**

**Hoofstuk 18 en 19** (p. 233-262)

1. ’n Skerpbektangetjie en ’n rol sagte draad (vir Milano), ’n wit kerkhoed (vir Mieta) en ’n nuwe paar kerkskoene (vir Hennerik). √√√ (3) [1]
2. Raldine √ (1) [1]
3. Die werk op Tweefontein is meer fisiek as op Spookwerwe en hy is nie gewoond aan daardie tipe werk nie. Hy dink aan sy groot vriend, Geelsuiker. √ (2) [3]
4. Milano en sy vriende het een oggend voor skool in die ysige water van die driffie op die plaas gespeel, daarom het hy verkoue opgedoen. √ (1) [2]

5. Dit beteken dat daar sneeu op die kruin van die berge lê. √ (1) [3]

6. Milano het in die ysige weer na die skuur gegaan om ’n boek te gaan haal en het toe sieker geword. √ (1) [2]

7. Sy lei af dat Milano verlief is op Geraldine. √ (1) [3]

8. Personifikasie. √ Dit is wanneer menslike eienskappe aan lewelose voorwerpe toegeken word. Die boom kan nie werklik baklei soos ’n mens nie, maar dit illustreer hoe sterk die wind waai. √ (2) [2]

9. Milano hoes so erg dat hy blou is om sy lippe na ’n hoesbui. / Hy sukkel om asem te haal. / Milano yl van koors en weet nie wat rondom hom aangaan nie. / Hy raak benoud. √√ Swartland-hospitaal in Malmesbury. √ Ja, sy het al die belangrikste dinge wat sy en Milano in die hospitaal sal benodig in ’n koffertjie gepak. Sy het ook ’n bietjie geld saamgeneem. √ (4)[2,1,3]

10. Sy vrees dat Milano sal doodgaan. √ “Broos, soos die lyn tussen lewe en dood.” √ (2) [3]

11. Hy moet na Tygerberg oorgeplaas word omdat hy longontsteking het √ en op ’n ventilator (waaroor die Swartland-hospitaal nie beskik nie) geplaas moet word. √ (2) [2]

12. Die plek maak haar bang, want dit is groter en vreemder as die Swartland-hospitaal. √ Dit is die eerste keer dat sy in ’n hysbak ry. √ Milano word opgeneem in die hoësorgeenheid (ICU), word op ’n ventilator geplaas en sy verstaan nie wat aangaan nie. √ (3) [3]

13. Die dokter en verpleegpersoneel is baie vriendelik en behulpsaam. Hulle probeer om vir Mieta gerus te stel. √ (1) [3]

14. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, want as jy lees, verbreed jy jou kennis en gaan daar nuwe wêrelde vir jou oop. / As jy lees, kan jy beter presteer op akademiese gebied. / As jy lees, kan jy deelneem aan gesprekke oor interessante onderwerpe. √ (1) [5]

15. ’n Hysbak, ’n ventilator, ’n televisie, ’n professor, groot geboue, die see, Tafelberg, sy hoor van opstande en geweld op die Kaapse Vlakte. (enige 2) √√ (2) [2]

**27 punte**

**Hoofstuk 20 en 21** (p. 263-277)

1. Haar pa wil hê dat sy die skool moet los omdat dit te duur is en hy wil hê sy moet haar ma in die huis kom help. √ Sy is bang dat dit die situasie sal vererger en vrees dalk dat haar pa haar weer sal aanrand. √ Klaas Vuis sê dat die losies in die dorp te duur is, maar hy het geld om drank te koop. √ Mieta sorg dat daar gereeld kos in die Mentoors se huis is. √ (4) [2,3]
2. Klaas is dronk √ en het vir Geraldine by Mieta-hulle gaan soek. √ Nee, sy vat hom aan oor sy dronkenskap, sê hy moet gaan was en jaag hom weg. √ (3) [3]
3. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink sy voel daardeur die tweeling se teenwoordigheid, daarom dink sy dat sy op heilige grond staan. √ Op Spookwerwe by die kameeldoringboom waar die tweeling begrawe is. √ (2) [5,3]
4. Sy gee vir elkeen ’n varsgebakte brood toe Milano ontslaan word. √ (1) [2]
5. Hy hou niks daarvan nie en smeek om skool toe te gaan. √ Gertjie, Ballie en Madalkat. (enige 2) √√ (2) [3]

**12 punte**

**Hoofstuk 22 tot 24** (p. 278-319)

1. Lippe. √ Ja, hy is nog jonk en is sterk gebou, daarom behoort hy goed in die wingerd te werk. √ (2) [3]
2. Die eienaar se seun wil aan ’n kompetisie deelneem met sy perd. Omdat hy op universiteit is, wil die eienaar hê Milano moet die perd fiks hou. √ Ongeveer drie maande, van Augustus tot Oktober. √ Een rand. √ (3) [2]
3. Daar het jare gelede ’n kind in die dam verdrink. √ Die baas het hulle klere gevat en hulle moes kaalbas terug huis toe gaan. √ Hulle neem wraak deur vrugte (appelkose) in die boord te steel. √ (3) [2,3]
4. Dit is ironies, want die Kaliempies het juis getrek omdat Mieta nie haar kind aan iemand anders se sorg wou toevertrou nie. Nou moet sy

in elk geval toelaat dat Milano in die dorp by iemand anders gaan loseer. √ (1) [3]

5. Mieta is nukkerig en werk soos ’n besetene in die wingerd. √ (1) [3]

6. Sy kom agter dat Feetjie ’n netjiese persoon is en baie mooi na die kinders omsien. √ (1) [2]

7. Mieta verwys na die uile wat sy by die akkerboom gesien het en glo dat dit ’n teenwoordigheid van Gysie en Grietjie is. √ (2) [3]

8. Klipgooi. √ Hy het vir Fredwell met ’n klip teen die oog gegooi nadat hy vir Lippe met die mes gesteek het. Dit het veroorsaak dat die mes geval het en hy nie weer ’n kans gekry het om hom te steek nie. √ (2) [2,3]

9. Hy dink dat Milano hartseer is omdat hy nie meer kan perdry nie. √ Hy is teleurgesteld en jaloers omdat Geraldine ’n kêrel het. √ (2) [2,3]

10. Fredwell. √ Nee, hy was al in die tronk vir daggahandel en hy het vir Geraldine geslaan. √ (2) [2,3]

11. Sy is bang vir haar pa se reaksie, want sy weet hy is besitlik en sal nie toelaat dat sy ’n kêrel mag hê wat vir haar kom kuier nie. √ (1) [3]

12. Dit beteken dat Klaas weer te veel gedrink het √ en weer besig is om sy vrou en dogter te mishandel. √ (2) [3]

13. Sy het vroeër al agtergekom dat Klaas in ’n moeilike bui is en het gedink dat hy gaan amok maak. √ Sy vind albei waar hulle met toue aan ’n bed vasgemaak is en kom agter dat hulle papgeslaan is. √ Vytjie het breinskade opgedoen en het hulp nodig gehad omdat sy nie meer selfversorgend was nie. Daarom moes Geraldine die skool los om te help met haar ma se versorging en die huishouding. √ (3) [3]

14. Geelsuiker. √ Heuningkarrie, rooikat- en jakkalsvelle en ’n slagskaap. √√ Hy het die riel gedans. √ (4) [1]

15. Dit is eufemisties gestel dat hy oorlede is. √ (1) [3]

**30 punte**

**Hoofstuk 25** (p. 320-336)

1. Sy moet haar ma versorg en het die huishouding oorgeneem. √ (1) [2]

2. Op Skoenmakersfontein. √ ’n Sjokoladekoek. √ (2) [1]

3. Hy sê dat Milano die vader is van Geraldine se ongebore baba. √ Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek sou die persoon geïgnoreer het, want ek weet wat die waarheid is. √ Aggressie is nie die antwoord nie, dit veroorsaak net verdere probleme. √ (3) [2,5]

4. Milano is nie gewoond aan mense wat jou beskinder en leuens vertel nie. Op Spookwerwe het hy beskermd grootgeword en was hy baie gelukkig. √ Hy koester sy herinneringe aan Spookwerwe deur die onthou-blik met die optelgoed in. √ (2) [3]

5.

5.1 Fredwell √ (1) [3]

5.2 Sy het agtergekom hy en sy vriende beplan om wraak te neem op Fredwell. √ (1) [3]

6. Hulle dink die rede waarom Mieta gereeld vir die Mentoors kos stuur is omdat hulle skuldig voel en dink dat Milano die pa is. √ Lettie. √ Sy vat vir Lettie aan en wys haar tereg op haar geskinder. Sy laat haar verleë voel omdat sy nooit vir Geraldine gehelp het nie. √ Dit veroorsaak dat die verhouding tussen Toontjies en Hennerik versuur.√ (4) [3]

**14 punte**

**Hoofstuk 26** (p. 336-346)

1. Sy stel nie belang daarin om vir die baba kleertjies en ander benodighede te koop nie. √ (1) [3]

2. Geraldine beplan om haar ouers dood te maak en hou 'n front voor. (1) [3]

3. Dit beteken jy is besig met gevaarlike dinge wat jou in die moeilikheid kan laat beland. √ Sy het haar ouers se huis aan die brand gesteek met hulle binne-in en hulle het doodgebrand. √ (2) [3]

4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, as sy in die toilet was, sou sy gehoor het hoe haar ouers gil en hulle te hulp gesnel het. √ Hennerik het opgemerk dat die huis van buite gesluit was en het die slot in sy sak gesteek sodat niemand anders kon sien dit was Geraldine se plan om haar ouers te vermoor nie. √ (2) [3]

5. Sy besef dat Geraldine niks het na die brand nie en dat sy ook nie geld het om klere vir die baba te koop nie. / Geraldine is vir haar soos haar eie kind. √ (1) [4]

6. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink dit is onverantwoordelik van haar, want ek kan nie verstaan dat ’n ma haar eie kind wil weggooi nie. √ Geraldine besef dat sy nie vir die baba lief is nie en nie ’n goeie ma sal wees nie. √ (2) [5]

7. Geraldine het erken dat haar pa haar seksueel gemolesteer en verkrag het en dat hy die pa van haar baba is. √ (1) [3]

8. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, Mieta is ’n omgee-mens en sal ’n baie goeie mamma wees. Dit sal ook die gemis aan die tweeling verminder. √ (1) [4]

9. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Dit is ’n sikliese slot, want die verhaal begin met die dood van die babas en sluit af met die baba wat Geraldine vir Mieta gegee het. Die siklus van dood en lewe word hierdeur voorgestel. √ (1) [5]

**12 punte**

## Memorandum konsepvraestel

### 3.1 Opstelvraag

Hierdie vraag word nagesien volgens die rubriek vir die literêre opstel. Dit is slegs ’n raamwerk; al die feite hoef nie genoem te word nie.

<u>Moontlike inleiding:</u>

Mieta Kaliempie is die protagonis en het ’n sterk persoonlikheid wat haar in konflik bring met ander karakters soos Hennerik en Klaas Vuis.

<u>Hennerik</u>

Nadat juffrou Meintjies die Kaliempies ingelig het dat die plaasskool gaan sluit, ontstaan daar konflik tussen Hennerik en Mieta. ’n Krisis ontstaan omdat Milano na die skool in die dorp moet gaan en dus daar moet loseer. Mieta wil ’n klein sinkkamertjie by Antjie Appools huur en in die week saam met Milano daar gaan woon. Alhoewel Mieta weet dat haar plan ’n “papwielplan” is omdat die kamertjie nie geskik is om in te woon nie, het sy en Hennerik ’n

hewige woordewisseling. Die gevolge van die konflik is dat Milano die gesprek afluister en hartseer voel oor die stryery tussen sy ouers.

Hennerik is versigtig vir Mieta se skerp tong en haar kortgebondenheid en bly eerder stil as Mieta kwaad is. Hennerik glo "'n toebek, is 'n heelbek" en swyg wanneer Mieta kwaad is. Hy bly so ver as moontlik uit haar pad.

Hennerik gaan soek werk op Tweefontein. Hennerik kontak sy neef Toontjies wat op Tweefontein in die Swartland woon en doen navraag oor moontlike werk. Die Oktober-vakansie vertrek hy en Milano na Tweefontein om die eienaar van die plaas te gaan sien.

Met hulle terugkoms op Spookwerwe is die atmosfeer tussen Mieta en Hennerik steeds gespanne. Milano is baie opgewonde oor die groot implemente en die skool wat binne stapafstand is, maar Mieta hou niks van die idee nie. Sy is woedend, en as gebaar van verset slaap sy met haar rug na Hennerik toe.

Hennerik kry die werk op Tweefontein en alhoewel Mieta teësinnig is, gee sy tog in om te verhuis. Mieta wil nie van Spookwerwe af weggaan nie, want sy is gelukkig daar en wil ook nie haar tweeling agterlaat nie. Die konflik word ontlont wanneer die treklorrie aan die einde van November opdaag en die Kaliempies moet weggaan. Toe hulle op Tweefontein arriveer, sê Mieta vir Hennerik dat die huis eers skoongemaak moet word en dat hy die buitetoilet moet opknap.

Mieta verwyt vir Hennerik toe Milano sy hoërskoolloopbaan op die dorp moet voortsit. Witvlei Primêr is 'n laerskool en ná standerd vyf moet Milano op die dorp skoolgaan. Mieta wys vir Hennerik daarop dat hulle in dieselfde bootjie is as op Spookwerwe en dat Milano steeds op die dorp moet loseer. Na haar besoek aan Feetjie, waar Milano loseer, is sy tevrede dat haar seun goed versorg word en word die konflik ontlont.

<u>Klaas Vuis</u>

Mieta hou nie van Klaas Vuis nie, want wanneer hy dronk is, rand hy sy vrou en dogter aan. Die Kaliempies se huis is naby die Mentoors se huis, daarom kan hulle hoor hoe die vroue skree as Klaas in sy dronkenskap hulle vloek en mishandel.

Klaas Vuis is baie besitlik oor sy dogter. Hierdie besitlikheid van Klaas veroorsaak dat Geraldine begin om dinge agteraf te doen. Klaas kom soek een maandeinde – in sy dronkenskap – na sy dogter by Mieta se huis. Hy beskuldig Mieta daarvan dat sy sy dogter probeer afrokkel. Mieta jaag vir Klaas weg. Sy sê vir hom dat hy 'n slegte pa is, dat hy stink van die drank en eerder moet gaan was en nugter raak.

Klaas se suggestiewe aanmerkings tydens parstyd veroorsaak dat Mieta haar vererg. Mieta wys met haar snoeiskêr in die rigting van Klaas en sy trawante en sê vir die eienaar van die plaas dat Klaas 'n suiplap is en dat hy die uitvaldoppe moet terughou.

Klaas dreig om vir Geraldine uit die skool in die dorp te haal omdat dit te veel geld kos. Mieta is vies toe Geraldine haar daarvan vertel en besluit om vir die Mentoors gereeld kos te vat om te sorg dat Klaas nie geld as 'n verskoning kan gebruik nie. Die Mentoors kry hulle rantsoen, al voel Mieta om op die brood wat sy vir hulle gee te spoeg as gevolg van haar haat vir Klaas.

Mieta red vir Vytjie en Geraldine uit Klaas se kloue. Klaas het een maandeinde weer aan die drink gegaan en die Kaliempies hoor laatnag hoe die vroue langsaan skree. Toe Hennerik nie wil opstaan om ondersoek in te stel nie, besluit Mieta om self te gaan. Gewapen met 'n besem loop sy vir Klaas storm en stamp sy wind uit. Sy vind die vroue vasgemaak en papgeslaan en bevry hulle.

Geraldine wil nie vir Mieta vertel wie die baba se pa is nie. Mieta probeer by Geraldine uitvind wie die pa van haar ongebore baba is, maar sy weier om te praat. Mieta het een aand die lawaai van die bure gehoor en gaan kyk wat aangaan. Beide Geraldine en Klaas verseker haar dat daar niks fout is nie. Later hoor die Kaliempies gille en vind uit dat die Mentoors se huis aan die brand is. Alhoewel Geraldine dit ontken, lyk dit tog asof sy self verantwoordelik is vir die brand. Die konflik tussen Mieta en Klaas word nooit ontlont nie, maar eindig toe Vytjie en Klaas in die huis doodbrand.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

### 3.2 Kontekstuele vraag

**TEKS A**

3.2.1 Die plaasskool gaan sluit en Milano sal in die dorp moet loseer om sy skoolloopbaan te voltooi. √ (1) [2]

3.2.2 Sy dink dat Blou Willem geldgierig is, want hy het vir Geelsuiker te veel laat betaal vir die honde en dat hy dieselfde met hulle sal doen as Milano daar sal loseer.

Blou Willem is 'n jakkalsjagter en bly baie keer van die huis af weg as hy gaan jakkalsjag, daarom dink sy dit is nie veilig by Blou Willem se huis nie.

Sy dink dat Blou Willem onhigiënies is, want sy sê dat sy blaaie stink.
Sy dink nie dat Tries vir Milano goed sal versorg nie, want sy sê dat sy net ’n “asempie” is en dat haar dogters ook nie sal help met die huishouding nie.
Sy dink dat die dogters van Tries en Blou Willem nie ’n goeie invloed op Milano sal hê nie omdat hulle in die strate rondloop op soek na mans. (enige 2) √√ (2) [3]

3.2.3 Vergelyking √ Moedeloosheid √ (2) [2, 3]

3.2.4 Ja, want die sinkkamertjie by Antjie is nie geskik om in te woon nie. / Die sinkkamer het nie ’n ordentlike vloer of venster nie. / Die sinkkamer se dak lek. / Die sinkkamer is pikdonker. √
Dit is nie regverdig dat Mieta net naweke huis toe kom nie, want Hennerik moet werk en sal nie vir homself kan huis hou nie.
Indien Mieta nie in die week by die huis is nie, sal Hennerik die diere en groentetuin op die werf moet versorg en dan sy eie werk afskeep. √ (enige twee)
(“Nee” as ’n antwoord sal moeilik gemotiveer kan word. Ken punte toe vir “Nee” met ’n goeie motivering.) (2) [3]

3.2.5 Sy wil nie weggaan nie omdat haar tweeling op Spookwerwe begrawe lê en sy hulle nie alleen wil agterlaat nie. √ Die titel verwys na kinders, wat die tweeling en Milano insluit. √ Indien hulle op Spookwerwe sou bly, sal al haar kinders naby aan haar wees. / Mieta voel ’n teenwoordigheid van die tweeling deur middel van die uile, die tweeling kan dus die “spoke” van Spookwerwe wees. √ (3) [2,3]

3.2.6 Klanknabootsing (knars) / Sinekdogee (dit is nie die skoene wat naderkom nie maar Hennerik) √ (1) [2]

3.2.7 Tweefontein. √ Die Kaliempies het verhuis om te verhoed dat Milano in die dorp loseer, maar die plaasskool op Tweefontein is net ’n laerskool. Daarom moet hy in elk geval in die dorp by Feetjie gaan loseer toe hy hoërskool toe gaan. √ (2) [2,3]

3.2.8 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Die taalgebruik in die onderstreepte woorde is gepas, want dit is die tipe verwysings wat die bruin mense

in Suid-Afrika gebruik en maak dus die verhaal geloofwaardig. √ (1) [5]
(Aanvaar enige ander gemotiveerde mening.)

**TEKS B**

3.2.9 Fredwell het gesê dat Geraldine swanger is en dat Milano die vader van die baba is, daarom was hy kwaad en wou met niemand praat nie. √ Hy lees storieboeke in die skuur. √ Hy maak draadkarretjies in die skuur. √ (3) [2]

3.2.10 Fredwell / Geraldine se vorige kêrel √ (1)[1]

3.2.11 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, Mieta is liefdevol en wil hom net help, maar hy veroorsaak dat sy die hele aand vir hom sit en wag en dan stoot hy haar weg wanneer sy hom vashou. √ Ek sou die dominee se hulp ingeroep het om met Geraldine en haar pa te praat sodat die waarheid kan uitkom. √ (Oorweeg enige ander gemotiveerde menings.) (2) [4,5]

3.2.12 Dit is die naam wat Geelsuiker vir die stroop gegee het na aanleiding van die illustrasie op die stroopblik / na aanleiding van die verhale van Simson se raaisel. √ (1)[3]

3.2.13 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Geraldine weet dat haar pa die vader van die baba is en wil nie hê dat dit bekend word nie. √ (1) [4]

3.2.14 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, Milano is ’n slim kind en dit is belangrik dat hy sy skoolloopbaan voltooi om eendag ’n goeie werk te kry. √ (1) [4]

3.2.15 In teks A is Mieta vurig (kwaai) en gespanne, en in teks B is sy liefdevol en ondersteunend. √ (1) [3]

3.2.16 Sy onthou-blik / die ou stroopblik met die optelgoed van Spookwerwe. (1) [2]

**Totaal [25]**

## 5. Glossarium van literêre terminologie

**alomteenwoordige verteller** – ’n tipe verteller wat in elke ruimte teenwoordig is en vertel wat elke karakter sê, dink of doen

*Die kinders van Spookwerwe* is ’n verhaal wat deur ’n alomteenwoordige verteller vertel word.

**agtergrond** – gegewens van ’n karakter se verlede of omstandighede

Die omstandighede waarin Mieta Kaliempie grootgeword het, soos die feit dat sy ’n Italiaanse pa het, is belangrik om haar verlies te verstaan.

**atmosfeer** – Die stemming van die verhaal is wisselend.

Die atmosfeer aan die begin van die verhaal is hartseer wanneer Mieta se tweeling sterf as gevolg van die pofadder wat hulle gepik het. ’n Gespanne atmosfeer heers wanneer Hennerik aankondig dat hulle gaan verhuis. Wanneer die twee parsspanne in die wingerd kompeteer, heers ’n gemoedelike atmosfeer.

**beeldspraak** – Die verteller gebruik beelde soos ’n vergelyking, metafoor of personifikasie.

**boodskap** – die insig wat die skrywer by die leser wil tuisbring

Die leser kom tot die besef dat die noodlot ’n mens soms op vreemde paaie stuur en dat struikelblokke deel is van die lewe.

**buitestander** – ’n karakter wat nie aan ’n spesifieke groep behoort nie (“outsider”)

Geelsuiker is ’n buitestander wat ná die dood van sy vrou en kind en die verlies van sy ander kinders verkies om alleen te woon en nie weer te trou nie.

**chronologie**s – in volgorde van tyd sonder terugflitse of tydspronge

Die verhaal begin waar Milano elf jaar oud is. Dan word elke lewensjaar van hom kortliks beskryf tot ’n paar maande na sy sestiende verjaarsdag.

**denotatief** – letterlike betekenis

Milano maak graag draadkarretjies. Dit is letterlik karretjies wat van draad gemaak word.

**eufemisme** – versagting van die harde werklikheid / ŉ onaangename feit word versag deur dit minder kras voor te stel
"Blou Willem se Castrol-kitaar is nou vir altyd stil." Daar word versagtend gesê dat hy oorlede is.

**intrige** – die plan waarvolgens die verhaal ontwikkel / raamwerk van gebeure / oorsaak en gevolg is belangrik
In hierdie roman word die verhaal van die Kaliempies van Spookwerwe vertel. Die oorsaak van hulle verhuising is die plaasskool wat moes toemaak. Die gevolge van die verhuising is onder andere hulle kennismaking met die Mentoors en Geraldine wat haar baba vir Mieta gee.

**ironie** – Die teenoorgestelde van wat bedoel word, word gesê of gedoen.
Die Kaliempies trek na Tweefontein sodat Milano nie in die dorp moet loseer nie, maar ná ’n jaar op Witvlei Primêr moet hy in elk geval na die hoërskool op die dorp gaan en by Feetjie loseer.

**karaktereienskap** – die manier hoe jy ŉ karakter leer ken deur bv. voorkoms, dialoog of handeling
Een van Hennerik se karaktereienskappe is dat hy sagmoedig is. Hy argumenteer nie met Mieta nie en bly eerder stil as sy wil rusie maak.

**klanknabootsing** – ’n woord wat ’n klank naboots
’n Bui reën <u>klater</u> op die sinkdak.

**konflik** – Uiterlike konflik is die verhoogde spanning tussen karakters.
Daar is uiterlike konflik tussen Mieta en Klaas Vuis omdat hy vir Vytjie en Geraldine mishandel. Hulle het gedurig ’n woordewisseling en een aand stamp Mieta sy wind uit om die vroue te bevry.

**konnotasie** – figuurlike betekenis
"Mieta broei addereiers uit." Dit beteken dat Mieta woedend en nukkerig is.

**kontras** – (teenstelling) Twee uiterstes word teenoor mekaar gestel.
Die Swartland met sy wye landerye en wingerd is in teenstelling met die droë Bo-Karoo.

**metafoor** – Twee sake wat met mekaar verband hou, word gelykgestel.
Mieta stel die hoë stadsgebou gelyk aan ’n betonmiershoop.

**protagonis** – die hoofkarakter van die verhaal
Mieta Kaliempie is die protagonis van die verhaal, want die verhaal fokus op haar lewe saam met haar gesin.

**personifikasie** – Menslike eienskappe word aan lewelose dinge toegeken.
’n Tak kreun.

**ruimte** – Die plek waarin die gebeure plaasvind.
Die twee belangrikste ruimtes in die verhaal is die plaas Spookwerwe in die Bo-Karoo en Tweefontein naby Riebeek-Wes in die Swartland.

**simbool** – dieper betekenis / staan as voorbeeld vir iets anders, bv. ’n duif wat vrede simboliseer
Milano se karos is ’n simbool van die Bo-Karoo, terwyl die koffertjie met babaklere die tweeling simboliseer.

**stylfigure** – literêre middel soos simbool, eufemisme, klanknabootsing, ens.

**taalgebruik** – die manier hoe taal aangewend word
Baie van die bruin mense in Suid-Afrika, veral op die platteland, het hulle eie uitdrukkings en manier van praat, wat ’n dialek van Standaardafrikaans is.

**tema** – die sentrale gedagte van ’n teks wat gewoonlik ’n universele betekenis het
Die sentrale gedagte van die verhaal is verlies. Oral in die wêreld verloor mense iets of iemand wat vir hulle waardevol is. In hierdie verhaal verloor Mieta haar tweeling.

**vergelyking** – Twee sake word met mekaar vergelyk deur die gebruik van die woorde: soos, nes of asof.
"Naby die kameeldoring sweef twee oortjiesuile stil soos die dood self uit die boom."

**vertelde tyd** – die tydperk wat die verhaal dek
Die kinders van Spookwerwe se verhaal word vertel oor 'n tydperk van vier jaar en agt maande.

**verteltyd** – die hoeveelheid bladsye van die verhaal
Die verhaal word vertel in 338 bladsye.

## 6. Woordverklarings

| | |
|---|---|
| **afval** | die kop, pootjies en maag van ’n skaap waarvan ’n gereg gemaak word (p. 82) |
| **akkerboom** | stadig groeiende, sterk boom wat duursame hout lewer (p. 271) |
| **alge** | (wier) waterplante wat deur spore voortgeplant word (p. 131) |
| **askoekdeeg** | brooddeeg wat in as gebak word (p. 113) |
| **Bambina** | Italiaans vir babadogtertjie/kind (p. 71) |
| **bemoeisiek** | hou daarvan om in almal se sake in te meng (p. 204) |
| **bobbejaantjies** | het ondergrondse knolle wat in die reënseisoen blom (p. 300) |
| **bokkoms** | (bokkem) jong harder (soort vis) wat gesout en gedroog word (p. 205) |
| **Castrol-kitaar** | kitaar wat van ’n leë 5-liter Castrol-olieblik gemaak is (p. 315) |
| **dikkop** | ’n groterige, gryserige skemerligvoël (p. 15) |
| **draadfuik** | ’n hokkie wat met ogiesdraad gemaak word (p. 197) |
| **driedoring** | ’n soort bos met takke wat in drie dorings eindig (p. 147) |
| **driffie** | ’n vlakkerige deurgaanplek in ’n spruit (p. 122) |
| **erdvark** | ’n varkagtige dier met sterk kloue wat onder die grond en op miere leef (p. 30) |
| **gangreen** | afsterwing van weefsel of liggaamsdele (p. 27) |
| **getjap** | tatoeëermerke wat bendelede/bandiete op hulle polse maak (p. 304) |
| **goiingsak** | ’n sterk geweefde sak uit ’n growwe stof soos hennep (p. 129) |
| **houvrou** | ’n vrou wat permanent saam met ’n man woon sonder dat hulle getroud is (p. 218) |
| **huisarres** | om vir ’n beperkte tyd nie uit die huis te mag gaan nie (p. 26) |
| **ICU** | “intensive care unit” / hoësorgeenheid (p. 252) |
| **kaiings** | uitgebraaide stukkies vet of vleis (p. 172) |
| **kareeboom** | inheemse boom wat altyd groen en bestand is teen droogtes (p. 13) |
| **karos** | velkombers, ’n kombers wat van dierevelle gemaak is (p. 62) |
| **karretjiesmense** | gesinne wat met donkiekarretjies trek agter werk aan (p. 112) |
| **karrie** | (karie) drank uit heuning waarby gedroogde plantwortel gevoeg is (p.109) |
| **katjiebotter** | (Black Cat) grondboontjiebotter (p. 77) |
| **kattermaai** | (kattemaai) baljaar, speel (p. 240) |

| | |
|---|---|
| **kekkelbek** | iemand wat baie praat of skinder (p. 183) |
| **kelder** | ’n plek waar wyn geberg word (p. 231) |
| **kleinhuisie** | buitetoilet met sinkmure, latrine (p. 10) |
| **koffertjie** | klein (reis)tassie (p. 92) |
| **koggelmander** | ’n skurwe akkedis wat in klipskeure bly (p. 115) |
| **kookskerm** | beskutte afdak waar kos gekook word (p. 208) |
| **korhaan** | groterige bruin voël wat goed gekamoefleer is (p. 30) |
| **krip** | waterpunt (trog) in die veld waar vee kan water drink (p. 52) |
| **krygsgevangene** | ’n soldaat wat tydens oorlog deur die vyand gevange gehou word (p. 70) |
| **kwartsklip** | ’n harde klip wat soms waterhelder of wit voorkom (p. 74) |
| **kywie** | om wag te hou en te waarsku as iemand aankom (p. 285) |
| **lendelam** | ’n meubelstuk wat nie stewig is nie (p. 21) |
| **linge** | tweeling (p. 81) |
| **mied(ens)** | ’n opgestapelde hoop gerwe of hooi (p. 210) |
| **milkies** | melkkleurige albasters (p. 35) |
| **mofskaap** | ’n skaap wat wol en vleis gee (p. 176) |
| **moswyn** | druiwesap in die eerste stadium van gisting vir wyn (p. 291) |
| **muskeljaatkat** | ’n katagtige nagdier (pels is ’n asgrys kleur met bruin kolle) (p. 148) |
| **naguiltjie** | ’n grysbont, insekvretende nagvoël (p. 154) |
| **neffens** | langsaan (p. 234) |
| **oortjiesuil** | ’n uil waarvan die vere aan die kop opstaan dat dit soos ore lyk (p. 73) |
| **papie** | die veer van ’n snoeiskêr (p. 231) |
| **parstyd** | tyd wanneer ryp druiwe gepluk word om wyn daarvan te maak (p. 228) |
| **rieldans** | ’n lewendige dans van die Khoi/San (p. 115) |
| **riemgespring** | pak gekry (p. 240) |
| **roosmaryn** | ’n immergroen struik met geurige blare (p. 14) |
| **sideboard** | (buffet) ’n houtkas in ’n eetkamer met stoorplek vir tafelgereedskap/ eetgerei (p. 127) |
| **skoffaan** | (skokiaan) sterk alkoholiese drankbrousel wat tuis gebrou word (p. 340) |
| **snuif** | tabak wat tot poeier gemaal word en in die neus opgetrek word (p. 9) |
| **stoppellande** | lande met die oorblyfsels van graan nadat dit deur ’n stroper afgemaai is (p. 236) |
| **suurdeeg** | ’n versuurde deeg wat as gis dien om brood mee te bak (p. 11) |

| | |
|---|---|
| **Swartland** | ’n area in die Wes-Kaap ongeveer vyftig kilometer noord van Kaapstad (p. 168) |
| **tiekieboks** | ’n telefoonhokkie waar jy muntstukke moet ingooi om ’n oproep te maak (p. 180) |
| **tweetand** | ’n skaap met twee wisseltande, ongeveer veertien maande oud (p. 8) |
| **ventilator** | ’n mediese toestel wat suurstof voorsien aan ’n pasiënt met asemhalingsprobleme (p. 252) |
| **vlaktevoël** | ’n vaal voël wat jy in die veld kry, soos ’n dikkop, korhaan of veldpou; hulle is goed gekamoefleer en beskermend oor hul kuikens (p. 43) |
| **vleisriempies** | dun repies vleis wat soos biltong gesout en gedroog word (p. 96) |
| **voorkind** | ’n kind wat voor die huwelik gebore is; ’n buite-egtelike kind (p. 69) |
| **wingerdgriep** | babelas, halfdronk na drinkparty (p. 203) |

**Bronnelys**

Labuschagne, F.J. & Eksteen, L.C. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. Kaapstad: Pharos.

Albertyn-du Toit, L.2019. *Die kinders van Spookwerwe*. Kaapstad: Human & Rousseau.

https://www.netwerk24.com/landbou/Bedrywe/Tuinbou/verleng-snoeisker-se-gebruikstyd-so-20180423

http://www.foodloversrecipes.com/2015/07/wat-is-n-2-tand-lam/

https://www.groundup.org.za/article/poorest-poor-karretjie-mense-great-karoo/